MATIE-land



JAARGANG 4 NOMMER 1 APRIL 1960

UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH

Waardevolle Besittings



Om u waardevolle besittings goed op te pas, is 'n bankdiens wat u baie nuttig kan vind. Ons Bestuurders en personeellede by meer as 850 Takke en Agentskappe sal u navrae verwelkom, en sal u met genoeë meedeel omtrent die reëlings wat getref is vir hierdie diens.

Persoonlike besittings kan dikwels nie vervang word nie

BESTE BRANDEWYN IN DIE BRITSE RYK

OUD-24a

r-e-k hulle



was hulle



Wolnit
SUPER

REKNYLON EN WOL-EN-REKNYLON

VIR MANS EN SEUNS

Die Sokkies wat Voete kry • *Een grootte pas elke voet*

VIR ENERGIE VOOR DIE WEDSTRYD!

K O O -Vrugtesappe — hulle verskaf u energie en stukrag vir enige kragmeting. KOO-Vrugtesappe verhoog u weerstandsvermoë, gee u m e e r lewenslus en veerkragtigheid — en is heerlik. Hulle smaak beter as vars vrugte. Goed om te drink en goed vir u — KOO-Vrugtesappe.

KOO 'BOORD-VARS' **VRUGTESAPPE**

DIE SPESIAAL-VOORBEREIDE DRANKIE VIR DIE SPORTMAN



Pynappel verskaf lewenslus!

Ander gunsteling-geure: Lemoen, Pomelo, Koejawel, Tamatie, Appelkoos, Perske, Pruim.

N.S. WEES ALMAL SE GUNSTELING! TRAKTEER U VRIENDE OP KOO-VRUGTESAPPE — HULLE VERSKAF ENERGIE DWARSDEUR DIE JAAR

SANLAM
beskerm u toekoms
protects your future

MATIELAND

UITGEGEE VIR OUDSTUDENTE EN DONATEURS

DEUR DIE

UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH

ONDER REDAKSIE VAN

DIE HOOF VAN DIE INLIGTINGSBURO
(MNR. P. J. LOMBARD)

EN

DIE SKAKELBEAMPTE
(MNR. J. E. M. VERWEY)

JAARGANG 4 · APRIL 1960 · NO. 1

INHOUD

REDAKSIONEEL

Ons Naderende Eeufees 7
Rektor volkome herstel 8
Redakteur van „Matieland" vertrek 8
Nuwe Redakteur 8

UNIVERSITEITSNUUS

Amptelike Opening van die Akademiese Jaar 1960 8
Van der Sterr-Gebou ingewy 9
Nuwe Aanstellings 17
Nuwe Hoogleraar aan die Kweekskool 19
Dosente Oorsee 19
Program van Afrika-Studies 19
Toekenning van Hons.-B.-Grade en B.Ed.-Graad: Vergunning aan Kandidate wat 'n Magistersgraadkursus gedeeltelik voltooi het 21
Gradedag, Desember 1959 22
Mnr. A. E. Rupert ontvang Eregraad 23
Nuwe Manskoshuis 23
Prof. Bruwer Voorsitter van Kollegeraad 23
Nuwe Kursusse in Handelsfakulteit 23
Nog 'n Oud-Matie in die Kabinet 23
Mooi So! Wilgenhoffers 24
Die Raad van die Universiteitskollege van Wes-Kaapland 24
Reliëfbeeld van Langenhoven aan Universiteit geskenk 25
„Die Silwer Soom" 25
Universiteit skenk Herbarium 25
Strakosch-beurs aan G. van W. Kruger 25
Danie Swanepoel-beurse 25

ARTIKEL

Wat maak 'n mens op 'n Universiteit? 28

NUUS VAN OUD-MATIEBONDTAKKE 31

BRIEWEBUS 34

VAN HEINDE EN VERRE 34

DIE „MATIELAND"-FONDS 36

BUITEBLADFOTO

'n Bietjie ontspanning voor die volgende klas

Ons Naderende Eeufees

(Deur die Rektor, Prof. H. B. Thom)

IN 1863 het 'n dertigtal vooraanstaande ingesetenes van Stellenbosch in die geskiedkundige Ou Leeskamer bymekaar gekom. Hulle het besluit om 'n Gimnasium op te rig. Hulle het ook verder gegaan: hulle het hulle verbind om binne 'n tydperk van vyf jaar 'n sekere som vir die Gimnasium byeen te bring.

Drie jaar later, in 1866, is die Stellenbosse Gimnasium gestig. Dit was natuurlik nog nie 'n Universiteit nie. Maar die stigting van die Gimnasium beteken tog die begin van die universiteitsonderwys op Stellenbosch. Die Stellenbosse Gimnasium sou immers, soos in die doelstellinge van die ou stigters vermeld staan, o.a. voorsiening maak vir „een grondig onderwijs in de vakken welke tot een beschaafde opvoeding gerekend worden, de voorbereiding tot het Admissie-examen voor de Theologiese Kweekschool en voor het certifikaat van de Tweede Klasse in de Letteren en Wetenschappen".

Oor die vérreikende betekenis van die werk van die dertigtal stigters wil — en kan — ons hier nou nie uitwei nie. Maar as ons let op die jare waarin hulle hulle historiese besluit geneem en met hulle aktiewe optrede begin het, dan sal ons dadelik sien dat die Eeufees van die Universiteit nie meer véraf is nie. En alhoewel 'n tydsverloop van 'n honderd jaar in die geskiedenis van die ou lande, en van die ou universiteite, nie baie lank is nie, is dit in die geskiedenis van 'n jong land soos Suid-Afrika, en van die Universiteit van Stellenbosch, voorwaar baie lank.

Ons sal ons Eeufees nie ongemerk laat verbygaan nie. In die koerante is reeds bekend gemaak dat die Universiteitsraad besluit het om 'n groot en sterk Eeufeesfonds in die lewe te roep. Vriende van die Universiteit — persone en liggame — sal gevra word om saam te werk. Oud-studente se hulp sal ook ingeroep word. Die nodige organisasiewerk sal gedoen word: hulle sal op geografiese grondslag ingedeel word en gevra word om hulp te verleen. Langs hierdie weë hoop ons om ons hele land te dek en ons groot mikpunt te bereik.

Ons mikpunt is 'n miljoen pond. Dit is 'n *groot* som, en om dit te verkry, sal *groot* werk kos. Maar Stellenbosch het immers ook 'n *groot* verantwoordelikheid, en dis 'n verantwoordelikheid wat hy in die toekoms — net soos in die verlede — met beskeidenheid, maar tewens met beslistheid en Godsvertroue, op sy skouers sal neem. Ons sal nie terugdeins vir wat van ons gevra word nie; veral nie vir wat Suid-Afrika van ons vra nie.

Daar sal vanjaar 4,500 studente aan die Universiteit ingeskrywe wees, en die getal sal nog veel groter gewees het as ons almal kon geneem het wat aansoek gedoen het. In elk geval het ons studentetal in vyf jaar verdubbel. Ook is tal van addisionele personeellede — professore, lektore en ander amptenare — deur die Universiteit aangestel, ten einde aan die eise van intensiewe onderrig en navorsing te voldoen. Nuwe fakulteite, nuwe akademiese geboue en nuwe koshuise is opgerig.

In al hierdie dinge sien 'n mens die bewyse van wat op Stellenbosch verrig word om te voldoen aan die eise wat Suid-Afrika aan hom stel. Ons weet ook dat hierdie eise in die toekoms nie gaan verminder nie; inteendeel, dat hulle gaan vermeerder en baie gaan vermeerder. Die Universiteitsraad sou sy plig nie gedoen het nie as hy, met die strawwer eise van die nuwe tyd voor die deur, maar rustig en afsydig bly staan het om dinge maar op hulle gewone beloop te laat.

Vandaar dat die Raad besluit het om ál sy kragte in te span, en ál sy vriende te vra om hulle óm hom te skaar ten einde daardie groot mikpunt van 'n miljoen pond te bereik. Want die eise van die nuwe tyd gaan fondse vra, en sonder daardie fondse sal ons ons toekomstaak nie na behore kan vervul nie.

'n Eeufees lê egter tussen twee skofte: dit dui die einde van een skof en die begin van 'n ander skof aan. 'n Mens kyk dan nie net

vorentoe nie; jy kyk ook agtertoe. Jy besin. Terwyl jy dink oor die pad wat vorentoe lê, dink jy ook ná oor die pad wat jy tot dan toe gevolg het.

Die Eeufees van die Universiteit sal nie net die tyd van 'n groot fonds wees nie. Dit sal vir die Universiteit ook 'n tyd van besinning wees. Dit sal vir ons 'n tyd van ondersoek, van self-ondersoek, wees. Ons sal nie aarsel om ons hand in eie boesem te steek nie.

Sommige sê die Universiteit het te groot geword; ander sê ons is nog maar aan die begin van ons ware ontwikkeling. Sommige sê ons laat te veel klem op die natuurwetenskappe en die tegnologiese rigtinge val; ander sê in die wêreld van vandag moet ons nog veel meer daaraan doen. Sommige sê ons verwaarloos die lettere en die geesteswetenskappe; ander sê hierdie vakke moet vandag nog meer plek maak vir toegepaste studierigtinge. Dit is op al sulke vrae dat die Universiteit, wanneer hy stilstaan en besin, kalm en nugter en objektief antwoorde soek.

As die Universiteit van Stellenbosch sy Eeufees vier, wil hy nie net met 'n groot fonds spog nie, maar hy wil dan veral weet hoe hy, in die hoogste belang van die gemeenskap wat hy dien, daardie fonds moet gebruik. Dit sal Stellenbosch op die beste wyse kan doen wanneer hy vorentoe kyk en terug kyk, en dan, gewortel in eie bodem en gewapen met eie ervaring, met vreugde voorwaarts gaan.

* * *

Rektor Volkome Herstel

DIT is vir ons besonder aangenaam om ons lesers mee te deel dat die Rektor, prof. H. B. Thom, volkome herstel het na sy onlangse ongesteldheid. Hy het reeds van die begin van die jaar af weer al sy pligte opgeneem en wy hom opnuut met ywer en toewyding aan sy werk. Ons vertrou dat hy in die toekoms uitstekende gesondheid sal geniet en dat die Universiteit nog lank oor sy uitnemende dienste sal beskik.

Redakteur van „Matieland" Vertrek

DR. ERNST VAN HEERDEN, wat vir 3 jaar redakteur van *Matieland* was, is vanaf die begin van die jaar aan die Universiteit van die Witwatersrand in Johannesburg aangestel, waar hy die Nederlandse en Afrikaanse letterkunde saam met prof. N. P. van Wyk Louw doseer.

Dr. Van Heerden was 17 jaar aan die Opvoedkunde-Fakulteit verbonde, eers as lektor in Engels en sedert 1945 as lektor in Afrikaans. Hy het aan die Universiteite van Stellenbosch, Amsterdam en Gent (België) gestudeer en het aan laasgenoemde Universiteit die doktorsgraad behaal met 'n proefskrif oor die digterlike beeldspraak.

Die Universiteit, en veral die Inligtingsburo, is hom opreg dankbaar vir sy pligsgetroue en toegewyde arbeid. Ons allerbeste wense vergesel hom in sy nuwe werkkring.

Nuwe Redakteur

MNR. B. BOOYENS, hoof van 'n primêre skool op Oudtshoorn, is aangestel in die personeel van die Universiteitskantoor, meer bepaald in die kantoor van die Rektor en as redakteur van *Matieland*. Hy het op 1 April 1960 diens aanvaar.

Mnr. Booyens is 'n oud-student van ons Universiteit (B.A. 1944, M.A. 1946) en het as onderwyser, en later as hoof van primêre skole op Robertson en Oudtshoorn, diep spore in die onderwyswêreld getrap.

Ons heet hom hartlik welkom in die administratiewe personeel van die Universiteit en vertrou dat hy groot genot in sy nuwe werk sal vind. Sy geesdrif en takt sal hom in sy nuwe betrekking goed te stade kom. Ons wens hom alle sterkte toe.

UNIVERSITEITSNUUS

Amptelike Opening van die Akademiese Jaar 1960

DIE stadsaal was op Woensdag, 24 Februarie, stampvol studente en belangstellendes toe die openingsplegtigheid van die Universiteit vir die akademiese jaar 1960 onder voorsitterskap van die Vise-Kanselier, ds. J. S. Gericke, plaasgevind het.

Nadat ds. T. C. B. Stofberg die verrigtinge met skriflesing en gebed geopen het, het mnr. C. B. Roelofse, voorsitter van die Studente-

Sy Edele J. J. Serfontein lewer die openingsrede.

raad, die nuwe sowel as die senior studente hartlik verwelkom.

Die geleentheidsrede is gelewer deur die Minister van Onderwys, Kuns en Wetenskap, Sy Edele J. J. Serfontein. Ons lesers sal in hierdie nommer van *Matieland* 'n verkorte weergawe van mnr. Serfontein se toespraak vind.

Die Rektor het mnr. Serfontein hartlik bedank vir sy treffende rede en boodskap, en verder ook vir wat hy en sy Departement vir die universiteite gedoen het, veral deur die verbeterde formule vir die subsidiëring van universiteite. Hierdeur kry die universiteite heelwat meer fondse tot hulle beskikking sodat hulle meer personeel kan aanstel en beter fasiliteite vir studie en navorsing kan verskaf.

Van der Sterr-gebou Ingewy

DIE Van der Sterr-gebou is op Vrydag, 26 Februarie 1960, deur die Kanselier van die Universiteit, Sy Edele dr. T. E. Dönges, ingewy.

Die groot aantal aanwesiges is deur die Rektor, prof. H. B. Thom, verwelkom. Hierna het die Kanselier sy inwydingsrede gelewer, waarvan ons nou 'n verkorte weergawe gee:

„Hierdie sierlike gebou met sy ruime voorsiening vir opleiding in belangrike vakke, het Stellenbosch regstreeks aan die edelmoedige en gulle bemaking van twee private burgers van Suid-Afrika te danke, dr. en mev. Van der Sterr. Willem Cornelis van der Sterr wat in 1933 op 67-jarige leeftyd oorlede is, het in 1889 as privaatsekretaris van dr. W. J. Leyds, staatsekretaris van die Suid-Afrikaanse Republiek, na die Transvaal gekom. Maar sy belangstelling was vir die Wiskunde en hy het mettertyd landmeter geword. In daardie hoedanigheid het hy waardevolle dienste verrig i.v.m. die opmeting van die sentrale goudvelde, die opmeting van mynkleims en dorpsuitleggings, en na die Tweede Vryheidsoorlog, met die oormeting van Johannesburg as gevolg van verskeie hofgedinge oor grensgeskille. Sy teoretiese kennis, praktiese vaardigheid en aangebore aanleg vir hierdie soort werk het hom in staat gestel om verskeie tegnieke te ontwerp met behulp waarvan die werk met groter spoed en akkuraatheid onderneem kon word. In die vakblad van die Instituut van Landmeters het

Die Van der Sterr-Gebou

artikels van besondere waarde van sy hand verskyn.

In sy vak was dr. Van der Sterr as 'n man van groot formaat beskou. Liggaamlik sowel as geestelik het hy bokant sy tydgenote uitgetroon. Dit was dus geen wonder nie dat dr. Van der Sterr as Direkteur van Sekondêre Driehoeksmeting in die Kaapprovinsie aangestel is toe mnr. J. J. Bosman in 1919 afgetree het.

As gevolg van sy beywering het die Suid-Afrikaanse Kantoor vir Driehoeksmeting tot stand gekom met dr. Van der Sterr as eerste Direkteur. Om met beperkte fondse 'n wetenskaplike werk, soos driehoeksmeting, op groot skaal in 'n wyd-uitgestrekte land soos Suid-Afrika met sy klein ontwikkelde bevolking aan te pak, is geweldig veeleisend. Nieteenstaande hierdie probleme het dr. Van der Sterr sy taak op 'n baie doeltreffende wyse uitgevoer.

Dr. Van der Sterr was veertien jaar lank Direkteur van Driehoeksmeting en by sy dood was nagenoeg die helfte van die Unie se driehoeksmetings voltooi. Die vier voet hoë, silindervormige betonbakens wat die werk baie vergemaklik het, was 'n skepping van dr. Van der Sterr.

Die instelling van 'n B.Sc.-graadkursus in die Landmeetkunde aan die Universiteit van Kaapstad in 1929 was ook in 'n groot mate aan sy beywering vir opgeleide landmeters en sy bereidwilligheid om met die Universiteit van Kaapstad saam te werk, te danke. Hy het dan ook self as leermeester opgetree om jongmanne volgens sy eie hoë standaarde op te lei. In 1926 ken die Universiteit van Kaapstad 'n eredoktorsgraad in die Natuurwetenskappe aan hom toe.

Byna tot sy dood het die Regering nog steeds van sy dienste gebruik gemaak, hoewel sy gesondheid reeds verswak het. Hy is in 1933 in Amsterdam oorlede en is vir baie jare oorleef deur sy vrou, Anna Margaretha Alwine (gebore Meyer). Sy het haar heelhartig vereenselwig met haar man se belangstelling in die opvoeding van die jeug en met die ruim nalatenskap van oor die £50,000 aan die Universiteit van Stellenbosch. Tot haar dood het sy hartlik saamgewerk met die Universiteit in alles wat nodig was om uitvoering aan hul gesamentlike bemaking te vergemaklik.

Met die dood van dr. Van der Sterr het die Landmetersprofessie 'n man verloor wat die boonste sport van sy professie bereik het. In hom en sy vrou het Suid-Afrika twee waardige burgers verloor wat 'n ruim belegging in die toekoms van ons volk gemaak het — die grootste bedrag in die jongste jare deur 'n private persoon aan die Universiteit van Stellenbosch geskenk. Hulle het 'n pragtige en navolgenswaardige voorbeeld gestel, en vir die Universiteit van Stellenbosch is dit 'n besondere eer en voorreg om, in dankbare hulde, hierdie gebou na hulle te vernoem.

Waar hierdie geleentheid in die jaar val waarin ons die 50-jarige bestaan van die Unie herdenk . . . . , is dit miskien nie onvanpas om die ontwikkeling en vordering van ons universiteite sedert 1910 kortliks te betrag nie.

Ten tye van die totstandkoming van die Unie in 1910 was daar slegs een selfstandige universiteit in Suid-Afrika, naamlik die Universiteit van die Kaap die Goeie Hoop, wat in 1873 gestig is, en slegs eksamens afgeneem en grade toegeken het.

Die doseerwerk is gedoen deur agt kolleges waarvan die Suid-Afrikaanse Kollege, Kaapstad, en die Victoria-Kollege, Stellenbosch, die oudste was.

Tussen die jare 1910 en 1916 is allerlei pogings aangewend om hoër onderwys behoorlik te orden en te organiseer.

In 1915 het die Suid-Afrikaanse Kollege 'n belangrike, selfs beslissende bydrae gelewer tot die oplossing van die destyds-heersende vraagstuk in verband met reorganisasie. Daar is aanbeveel dat die Suid-Afrikaanse Kollege 'n onafhanklike universiteit word en dat die ander groter kolleges sy voorbeeld volg, of aansluit by 'n eksaminerende universiteit. Stellenbosch het, in weerwil van druk in die teenoorgestelde rigting, sterk genoeg gevoel om sy voorbeeld te volg. In 1918 is die Suid-Afrikaanse Kollege verhef tot die Universiteit van Kaapstad, en die Victoria-Kollege tot die Universiteit van Stellenbosch, terwyl die Universiteit van die Kaap die Goeie Hoop en die oorblywende kolleges tot 'n federale universiteit, bekend as die Universiteit van Suid-Afrika, geïnkorporeer is.

Gedurende die daaropvolgende dertig jaar is die konstituerende kolleges van die Universiteit van Suid-Afrika een na die ander tot selfstandige universiteite verhef.

In 1910 was daar 1,171 studente aan Suid-Afrikaanse universiteitskolleges ingeskryf en hulle het .09% (9 per 10,000) van die totale blanke bevolking uitgemaak.

Teen 1958 het die studentebevolking aan Suid-Afrikaanse universiteite (insluitende die Universiteit van Suid-Afrika) tot ongeveer 32,000 aangewas. Bereken op die raming van die bevolking vir Junie 1958, verteenwoordig hierdie syfer 1.07% (107 per 10,000) van die totale blanke bevolking. As nie-blankes inge-

sluit word, dan kom die syfer op omtrent 0.3% (30 per 10,000) te staan.

Hoe vergelyk Suid-Afrika se studentebevolking, uitgedruk as 'n persentasie van die totale bevolking, met dié van ander lande? Volgens gegewens verwerk uit die „International Year Book of Education" wat onlangs deur Unesco gepubliseer is, is slegs die Verenigde State van Amerika ons syfer van 1.07% voor met hulle persentasie van 1.62. Rusland is derde met .94%, maar hierdie persentasie neem in aanmerking studente wat aan onderwyseropleidingsinrigtings verbonde is en is ook effens verouderd. Vervolgens toon Japan .62%, Nieu-Seeland .58%, Kanada .47%, Italië .42%, Frankryk .34%, en België, Switserland, Australië en Swede elk .33%.

Die ontwikkeling van die universiteite het gepaard gegaan met die stigting van nuwe fakulteite en departemente. Tot 1910 was die werk van die universiteite en kolleges hoofsaaklik beperk tot kursusse in die fakulteite van lettere en wysbegeerte, natuurwetenskappe, opvoedkunde, godgeleerdheid en die regte. Vir professionele opleiding en gevorderde studie moes studente nog oorsee gaan. Hierdie toedrag van sake het egter geleidelik verander sodat daar vandag haas geen vak meer is waarin studente nie in Suid-Afrika kan studeer nie.

Die ontwikkeling en uitbreiding van universiteite is dus eerstens waarneembaar in ons groter studentetalle. Tweedens word dit weerspieël in die groter aantal studierigtings en studievakke wat deur die verskillende inrigtings aangebied word. Maar derdens blyk dit ook uit die toenemende mate van spesialisasie in die meeste fakulteite.

In verband met die groei van ons universiteite is dit opvallend in welke groot mate vir die uitbreiding van fasiliteite vir professionele en hoër tegniese opleiding voorsiening gemaak is. Hierdie rigting van ontwikkeling kom oral in die wêreld voor. Dit is dus voor die hand liggend dat steeds meer nuwe en hoogsgespesialiseerde graad- en diploma-kursusse aan ons universiteite ingestel word om te voorsien in die behoeftes van nuwe en hoogsgespesialiseerde beroepe. Sedert 1918 het die fakulteite van suiwer wetenskappe besonder snel ontwikkel aan die Universiteite van Stellenbosch en Kaapstad en later ook aan die ander universiteite. Aan hierdie universiteite in die algemeen, en aan die Universiteit van Stellenbosch in besonder, is wetenskaplikes in die basiese wetenskappe soos byvoorbeeld fisika, wiskunde, chemie, biologie, ensovoorts, opgelei wat nie agteruit hoef te staan vir hulle kollegas oorsee nie.

Die Universiteite van Stellenbosch en Kaapstad het alreeds beplan vir die daarstelling van 'n instituut met die oog op verdere studie en navorsing op die gebied van die kernfisika.

Dit is 'n verblydende prentjie van vordering, van skouspelagtige vordering op akademiese gebied wat hierdie gegewens en syfers skilder. Op byna geen ander gebied was die vordering sedert 1910 so volgehou, so konstant en so geweldadig soos juis by ons universiteite nie. Die drang na selfontwikkeling en die sug na kennis is altyd sterk by 'n volk wat vir jare die geleentheid moes ontbeer. En die jonger geslag is gehelp om dié drang en dié sug te bevredig deur die selflose optrede van ouers vir wie geen opoffering te groot was om aan hulle kinders te gee wat hulle self in die lewe gemis het nie. Dit is seker een van die vernaamste redes vir die groei oor die afgelope halfeeu en veral oor die afgelope dertig jaar.

Maar by al ons dankbaarheid vir wat ons universiteite presteer het, is daar tog 'n paar gedagtes wat steur, 'n paar twyfels wat kwel.

Per 100,000 van die blanke bevolking was daar in die suiwer wetenskappe en ingenieurswese 19 graduandi in 1951. In 1960 sal daar volgens berekening slegs sewe wees! Vir die totale bevolking is die syfer slegs 1.5 graduandi per 100,000! Die ooreenstemmende syfers van tegnologiese graduandi per 100,000 van die bevolking is as volg in die volgende lande:

Rusland	28.0	Nieu-Seeland	5.8
V.S.A.	19.0	Nederland	5.6
Switserland	9.0	Kanada	5.0
Swede	6.2	Brittanje	4.5
Wes-Duitsland	6.0	België	4.2

Teenoor die laagste van hierdie tien lande (België met 4.2) steek Suid-Afrika met slegs 1.5 per 100,000 baie ongunstig af. As ons aan die toekoms dink, dan mag ons eenvoudig nie op hierdie gebied, in hierdie eeu en op hierdie vasteland agtergelaat word nie. Want die tegnologiese mannekrag van Suid-Afrika is lewensbelangrik, nie alleen wat die huidige tempo en peil van nywerheidsontwikkeling betref nie, maar veral met die oog op Suid-Afrika se behoeftes en verpligtings in die onontwikkelde vasteland van Afrika, asook ons staatkundige, ekonomiese en politieke status in die Afrika van die toekoms. Ons is vandag die leidende tegnologiese moondheid in Afrika. Dit is van kardinale belang dat hierdie voorsprong gehandhaaf en uitgebou moet word.

Die uitdaging van die toekoms op hierdie gebied vir Suid-Afrika is geweldig.

Die Rektor oorhandig die sleutel aan die Kanselier.

In die eerste plek kom die uitdaging tot ons universiteite. Hulle moet vir die opleiding van ons wetenskaplike mannekrag sorg. Hulle moet ons wetenskaplikes en tegnoloë oplei, ons leermeesters (ook vir die sekondêre onderwys) en ons navorsers lewer, en in 'n groeiende mate geleentheid verskaf waar deeglike navorsing onder gunstige omstandighede gedoen kan word.

Maar die uitdaging kom ook tot die Staat en die nywerhede en sake-ondernemings om die universiteite in hul taak met geldelike bydraes te help, asook deur beurse vir gevorderde opleiding oorsee te voorsien. Daar kan sekerlik met lof en waardering gepraat word van wat alreeds deur sommige nywerhede en sake-ondernemings gedoen is om tegnologiese opleiding en navorsing te bevorder. En die Staat doen ook baie op hierdie gebied. Die huidige begroting van die W.I.N.R. reik reeds aan die £2 miljoen per jaar; verlede jaar is die subsidies aan universiteite vir lopende koste met £1 miljoen vermeerder; lenings vir kapitaaluitgawes, waarop die Staat 40% van die delging en rente bydra, vir oor die £5 miljoen is gedurende die afgelope drie jaar goedgekeur.

Eindelik kom die uitdaging ook tot die bemiddelde burgers van Suid-Afrika. Ons is ook dankbaar vir wat hulle op hierdie gebied en veral vir ons Universiteit gedoen het. Immers hierdie geleentheid gee juis uitdrukking aan ons dankbaarheid.

Maar die uitdaging aan al hierdie groepe is om nog meer, nog baie meer te doen. Ons bemiddelde burgers moet meer skenkingsbewus word. Daar is te veel ryk boedels wat te min in hierdie rigting doen. Die Van der Sterrboedel is 'n verfrissende uitsondering.

Sake-ondernemings en veral nywerhede moet meer bewus word van die toenemende gebruik van wetenskaplike mannekrag en die noodsaaklikheid dat hulle op groot skaal in ons universiteite (en natuurlik veral in die Universiteit van Stellenbosch!) sal belê. Hierdie belegging sal ruime diwidende afwerp, en ons nywerhede en ons vaderland sal die voordele van daardie belegging geniet.

En uiteindelik die universiteite self moet,



Die Kanselier ontsluit die deur van die Gebou.

Mev. Maria Malan en mev. H. B. Thom by die foto van dr. Van der Sterr.

nog ruimer as voorheen, hierdie uitdaging aanvaar as 'n spoorslag om van hul beste te lewer.

Hier mag ek miskien net twee gedagtes invoeg. Ek pleit nie vir 'n eensydige opleiding in die wetenskappe nie. Die uitdaging aan Suid-Afrika vandag is op die intellektuele front as geheel. Een van die vernaamste voorwaardes vir die voortbestaan van die blanke is uitnemendheid op die intellektuele terrein. Wat ons nodig het, is groter toewyding aan opvoeding en groter trots op intellektuele prestasies.

Die ander gedagte is dit: die grondslag vir 'n ryker intellektuele lewe, en veral vir die opleiding van ons tegnologiese mannekrag, moet in ons skole reeds gelê word. Die universiteit kan alleen voortbou op daardie fondament. En tog in een opsig, naamlik in die opleiding van onderwysers, kan die universiteite tog deel hê in die lê van die fondament waarop hy later moet bou.

Ek kom terug na my hooftema: die dringende tekort aan tegnologiese mannekrag. Daar was 'n tyd toe Suid-Afrika hom grotendeels op ingevoerde tegniese kragte kon verlaat. Maar die tekort is nou so algemeen in Westerse lande dat dié bron aanmerklik opgedroog het. Die geweldige nywerheidsuitbreiding in Suid-Afrika het die aanvraag na opgeleide natuurwetenskaplikes, tegnici, ingenieurs en administratiewe beamptes sodanig laat styg dat dit die aanbod van oorsee ver oortref, en ons in stygende mate die aanvraag uit eie bodem moet bevredig. Ook het die tyd waarin ons lewe en die rol wat ons hier aan die suidpunt van Afrika moet speel, die aanvraag nog verder opgestoot.

Daarby is die wetenskaplike horison so verbysterend vinnig vorentoe gestoot dat die gevolglike ontwikkeling op die industriële front die tekort aan wetenskaplikes en tegnoloë een van die grootste enkele probleme in Westerse lande gemaak het.

Kan u verstaan dat by al ons vordering oor die laaste vyftig jaar hier vir my 'n lastige kwelpunt vir die toekoms lê?

'n Ander vraag wat opduik as ons die afgelope vyftig jaar betrag, is die volgende: Het ons universiteite, en veral die Universiteit van Stellenbosch, by al die verbasende vordering wat ek geskets het, in dieselfde mate gevorder in die vervulling van sy funksie as formeerder van karakter, as opvoeder vir burgerskap en as voorbereider vir die lewe?

'n Voorval uit my studentejare word deur hierdie vraag in herinnering geroep. Wyle dr. Gawie Cillié was destyds Voorsitter van die Senaat (daar was toe geen Rektor nie) en sy eweknie as Prinsipaal van die Universiteit van Kaapstad wat toe prof ‚Jock', later sir Carruthers Beattie. By geleentheid het dr. Gawie vertel van 'n gesprek met prof. Beattie. Laasgenoemde het in effek gevra: ‚How is it that Stellenbosch, a younger institution than that of Cape Town, has produced so many more men prominent in the public life than Cape Town?' Dr. Gawie se antwoord het my destyds getref: ‚Isn't it perhaps because we concentrate more on development of character?'

Dáár is die geheim van ons Universiteit se sukses; daarom is hy so in ons volkslewe ingeweef dat jy die een nie kan skaad sonder om die ander te skaad nie. Ek weet dat by tye ons hierdie grootste waarheid in ons wordingsgeskiedenis soms 'n bietjie onderskat het, soms selfs vergeet het. Maar ek weet ook dat ons nou manne en vroue hier aan die Universiteit van Stellenbosch het wat dit nie sal vergeet nie, maar soos 'n kostelike pêrel van groot waarde sal bewaar."

Die Rektor het dr. Dönges bedank vir die treffende rede wat hy gelewer het en vervolgens gesê:

„Die Departemente Sielkunde, Wiskunde en Afrikaans-Nederlands wat in die Gebou gehuisves is, is van ons sterkste Departemente — in baie opsigte die fondament waarop ons bou. Dit word dikwels gesê dat ons vandag geld en aandag net vir die toegepaste en tegnologiese studierigtinge het. Deur die oprigting van hierdie gebou vir genoemde Departemente, het ons getoon dat dit nie van Stellenbosch gesê kan word nie.

Die Gebou het ongeveer £150,000 gekos. Soos met sy meeste ander geboue, het die Universiteit ook hierdie gebou self opgerig. As ons nie met ons eie Bou-departement self gebou het nie, en as die Universiteit die Gebou op die gewone wyse deur middel van tenders laat oprig het, sal dit waarskynlik minstens £30,000 meer gekos het.

Soos die Kanselier gemeld het, is die oprigting van die Van der Sterr-gebou in hoë mate moontlik gemaak deur die gewaardeerde bemaking van dr. en mev. W. C. van der Sterr, wat 'n bedrag van £50,000 bedra het. Die Universiteit is egter ook groot dank verskuldig aan die Regering, wat aan die Universiteit verlof gegee het om 'n private lening aan te gaan, en wat — ooreenkomstig die huidige stelsel van subsidiëring van Universiteite — 40% van die rente en delging op die lening self oorgeneem het.

Die Universiteit wil ook waardering uitspreek teenoor die argitek, mnr. J. B. Collins. Mnr. Collins het steeds geduldig en gewillig met ons saamgewerk en ons gehelp om 'n sierlike gebou

Die Persoon Wat Kan Saampraat

LEES

DIE Huisgenoot

ORAL VERKRYGBAAR

1/-

U BESPAAR 17 EKSEMPLARE PER JAAR AS U INTEKEN BY POSBUS 1802, KAAPSTAD.

Intekengeld (per jaar): Unie, £1/15/0; Rhodesië, £1/17/0; Buiteland, £2/10/0.

85

Vir kwaliteit en waarde

Westminster 85

te kry, wat deur eenvoud van lyn en skoonheid van verhouding gekenmerk word. Dit is die soort van gebou wat hier in ons midde, hier in die gees en atmosfeer van ons akademiestad, op sy plek is.

Op Stellenbosch is ons in die gelukkige posisie dat ons 'n redelike mate van harmonie en homogeniteit het, wat dwarsdeur al ons Universiteitsgeboue loop. Dit is 'n feit wat besoekers — veral oorsese universiteitsmense — dadelik opval, en wat een van die mooi dinge hier op Stellenbosch is — al is dit ook waar dat baie van ons, wat hier woon en werk, dit soms nie meer raaksien en waardeer nie.

Dit is iets wat ons as 'n kulturele erfenis moet bewaar en as 'n tradisie aan die nageslagte moet voortgee. Ons kan nie die oordrewe reguit-lynige sogenaamde moderne geboue hier op Stellenbosch bou nie. Dit sou kwalik in ons omgewing pas; dit sou in elk geval kwalik by 'n opvoedingsinrigting pas. As die Universiteit van Stellenbosch sy permanente geboue vir sy Geneeskundige Fakulteit in Parow bou — daar in 'n nuwe stadsgebied met heeltemal ander omstandighede — dan kan ons ons wel veel meer van hedendaagse smaak en funksionaliteit bedien."

Hierna het dr. Dönges die deur ontsluit en is die Gebou vir besigtiging oopgestel.

Nuwe Aanstellings

DR. C. J. B. SMIT, navorser in Voedseltegnologie aan die W.P.-Vrugtenavorsingstasie, is aangestel as hoogleraar in Voedseltegnologie met ingang 1 Januarie 1960. Dr. Smit het sy opleiding aan die Universiteite van Pretoria en Kalifornië geniet. Hy was van 1944 tot 1947 tegniese assistent in die afdeling Skeikundige Dienste. Vanaf 1949-1953 het hy in die buiteland gestudeer. Sedert 1953 doen hy navorsingswerk aan die W.P.-Vrugtenavorsingstasie. Dr. Smit het afsonderlik, sowel as in medewerking met ander navorsers, verskeie wetenskaplike publikasies die lig laat sien.



Prof.
C. J. B. Smit.

* * *

Nuwe aanstellings en bevorderings is in die Fakulteit van Bosbou van die Universiteit goedgekeur. Dit is gedoen met die oog op o.a. 'n uitgebreide navorsingsprogram, waarvoor 'n hulptoelaag van die Unie-departement van Bosbou ontvang is.

Dr. K. B. BORGIN, senior lektor in Houttegnologie, is met ingang 1 Januarie 1960 bevorder tot addisionele hoogleraar in Houttegnologie. Dr. Borgin het sy opleiding aan die Universiteite van Oslo, Uppsala, Leeds, Wisconsin, Cambridge en Stellenbosch ontvang. Hy was van 1944 tot 1946 navorsingsassistent aan die Universiteit van Uppsala; van 1946 tot 1947 hoofchemikus van die Follum Papierfabriek in Noorweë; van 1948 tot 1952 hoofnavorser van die Borregaard Sellulose- en Papierfabriek in Noorweë, en van 1953 tot 1954 navorsingschemikus van die *Celanese Corporation of America*. In 1954 het hy lektor en in 1958 senior lektor in Houttegnologie aan die Universiteit van Stellenbosch geword. Dr. Borgin het reeds 'n groot aantal wetenskaplike en tegniese publikasies die lig laat sien.



Prof.
K. B. Borgin.

DR. P. P. DU T. DEETLEFS is met ingang 1 Januarie 1960 bevorder van senior lektor tot addisionele hoogleraar in Bosbou. Dr. Deetlefs het sy opleiding aan die Universiteite van Stellenbosch en Duke ontvang. Hy was van 1951 tot 1956 hoof van die navorsingsafdeling van die *Rhodesian Wattle Company* en daarna is hy as senior lektor in Bosbou aan die Universiteit van Stellenbosch aangestel. Verskeie



Prof.
P. P. du T.
Deetlefs.

wetenskaplike publikasies het reeds uit sy pen verskyn.

Mnr. P. H. de Waal, streeksbosbenuttingsbeampte in Oos-Transvaal, is met ingang 1 Januarie 1960 aangestel as senior lektor en mnr. G. R. Saunders as junior lektor in Houttegnologie. Mnr. D. G. M. Donald vul die lektoraat in Bosbou.

* * *

PROF. C. JACOBSZ, voorheen hoof van die Departement van Wiskunde aan die Universiteit van Pretoria en later in diens van Yskor, tree sedert 1 April op as spesiale dosent in Wiskunde. Hy sal hoofsaaklik verantwoordelik wees vir die doseer van Wiskunde aan ingenieurstudente. Daarby het hy opdrag ontvang om die Rubbi-lesings, wat op inisiatief van wyle dr. J. G. van der Horst aan die Universiteit van Stellenbosch ter nagedagtenis aan mnr. Joseph Rubbi ingestel is, voort te sit. Die doel van hierdie lesings is om belangstelling in wyere kring vir die Wiskunde op te wek deur veral te wys op die invloed wat die Wiskunde deur die eeue op die denke van die mens gehad het. Om dit te verwesenlik, het mnr. Rubbi 'n groot bemaking aan die Universiteit van Stellenbosch gedoen.

Prof. Jacobsz wat reeds vir baie jare besondere belangstelling in hierdie rigting getoon het, beoog vir vanjaar 5 Rubbi-lesings onder die algemene opskrif *Wiskunde as Kultuurelement*. Hy is voornemens om veral die geskiedkundige ontwikkeling van die ruimtebegrip te behandel.

DR. O. J. STUBBS, vroeër dosent aan die Universiteit van Cornell, is met ingang 1 Januarie 1960 aangestel as senior lektor in Landboubiochemie.

DR. F. B. MÜLLER, hoof van die Hoër Volkskool op Potchefstroom, is met ingang 1 April 1960 aangestel as senior lektor in die Metodiek van Onderwys.

MNR. A. G. BOTHA, hoof van die Laerskool Worcester-Noord, is met ingang 1 Januarie 1960 aangestel as senior lektor in Sielkunde.

Die volgende ander aanstellings (doserend) is gemaak:

MNR. P. J. WESSELS as lektor in Bedryfsekonomie (1 Jan. 1960); mnr. J. H. van der Merwe, onderwyser aan die Paul Roos-Gimnasium, as lektor in Afrikaans (1 Jan. 1960); dr. E. C. de Kock as lektor in Anatomie; mnr. R. B. van der Merwe as lektor in Botanie (1 Julie 1960); mnr. W. Boeddinghaus as lektor in Duits (1 Jan. 1960); mej. A. Muller as lektrise in Maatskaplike Werk; mej. A. I. Naudé as lektrise in Musiek (Orrel) (1 Jan. 1960); mnr. A. Paganini as lektor in Musiek (Viool en Klavier) (1 Feb. 1960); mej. W. C. Lombard as lektrise in Huishoudkunde (1 Jan. 1960); mnr. W. S. Barnard as lektor in Geografie (1 Feb. 1960); mev. I. Smit as lektrise in Afrikaans in die Fakulteit van Opvoedkunde (1 Maart 1960); mnr. B. H. Koeppen as lektor in Voedseltegnologie (1 Feb. 1960); mnr. G. S. Buys as lektor in Landboubiochemie (1 Feb. 1960); mnr. M. H. V. van Regenmortel as lektor in Fitopatologie-Mikrobiologie (1 Feb. 1960); mnr. M. C. Stemmet as junior lektor in Fisika (1 Jan. 1960); mej. C. L. Ehlers as junior lektrise in Huishoudkunde (1 Jan. 1960) en mej. M. C. la Grange as junior lektrise in Sielkunde (1 Jan. 1960).

MEV. D. M. DU PLESSIS is met ingang 1 Januarie 1960 as senior biblioteek-assistente. en mnr. W. Tyrell-Glynn met ingang 1 April 1960 as senior biblioteek-assistent in die Carnegie-biblioteek van die Universiteit aangestel.

MNR. S. P. VAN BLERK het op 1 April 1960 mnr. P. R. B. Fourie as assistent-rekenmeester van die Universiteit opgevolg. Mnr. Van Blerk het die B.Comm.-graad in 1947 aan die Universiteit verwerf en was voorheen in diens van die firma Fisons in Durban. Mnr. Fourie gaan in die distrik Heidelberg, K.P. boer.

MEV. M. E. GREEFF, sekretaresse in die Inligtingsburo van die Universiteit, het op 15 Februarie 1960 diens aanvaar as tegniese assistente in die Departement Sosiologie. Die Inligtingsburo is haar besonder baie dank verskuldig vir die toegewyde diens wat sy gedurende die afgelope drie jaar gelewer het. Haar plek word deur mev. A. S. van der Merwe gevul. Mev. A. Buys is as tikster in die Inligtingsburo aangestel.

Nuwe Hoogleraar aan die Kweekskool

DR. T. N. HANEKOM, voorheen mederedakteur van *Die Kerkbode*, is van die begin van die jaar af hoogleraar in die ekklesiologiese vakke aan die Stellenbosse Kweekskool. Hy volg prof. dr. F. J. M. Potgieter op wat aangestel is as hoogleraar in die Dogmatiek in die plek van prof. dr. B. B. Keet wat aan die einde van verlede jaar afgetree het.

Dosente Oorsee

PROF. R. L. STRASZACKER, voorsitter van die Kommissie van Ondersoek in verband met die Opleiding van Ingenieurstudente, en prof. Bozzoli van die Universiteit van die Witwatersrand het onlangs van 'n driemaandelikse besoek aan Europa en Noord-Amerika teruggekeer. Hulle het o.a. universiteite en ingenieursinrigtings in Rome, Zürich, Delft, Aachen, Stockholm, Parys, Londen, die V.S.A. en Kanada besoek om ondersoek in te stel na die metodes wat dáár gebruik word om ingenieurstudente op te lei.

PROF. en MEV. P. F. D. WEISS het in Desember 1959 vir ses maande na die V.S.A. vertrek. Hulle het elkeen 'n beurs ontvang ingevolge die Amerikaans-Suid-Afrikaanse uitruilprogram vir leiers. Prof. Weiss sal samesprekinge voer met kollegas aldaar en navorsing doen in verband met die jongste ontwikkelinge op die gebied van die Semitiese Tale en Midde-Oosterse studies.

PROF. N. J. J. OLIVIER het gedurende die somervakansie die V.S.A. i.v.m. die V.S.A.-S.A.-uitruilprogram besoek.

PROF. F. X. LAUBSCHER het vroeg in April na Australië vertrek om, ten behoewe van die Uniedepartement van Landbou, 'n besoek aan die „Animal Genetics Division of the C.S.I.R.O.", in Sydney te bring.

PROF. F. M. P. OOSTERHOF en sy gesin het op 1 April na Europa vertrek. Hy gaan o.a. in Parys, Den Haag en Genève navorsing doen oor die Franse letterkunde van die 16de eeu. Prof. Oosterhof is reeds die afgelope tien jaar besig met die versameling en kontrolering van die materiaal wat handel oor die woordeskat van die 16de eeu. Verder maak hy 'n studie van die taalkundige en kultuurhistoriese agtergrond daarvan. Die oorspronklike materiaal wat deur hom versamel word, sal met verloop van tyd deur nagraadse studente in die Departement van Frans verwerk word.

PROF. J. M. DU TOIT vertrek in Junie op 'n uitgebreide studiereis na Europa. Hy sal onder andere 'n referaat lewer by die Internasionale Sielkunde-Kongres wat in Bonn gehou word. Daarvandaan sal hy met behulp van 'n Carnegie-beurs na die V.S.A. vertrek om navorsingsmetodes in verband met die Voorligtingsielkunde en die Psigofisiese Sielkunde te bestudeer. Met die oog hierop sal hy 'n groot aantal hospitale en universiteite dwarsdeur die V.S.A. besoek. Prof. Du Toit word deur sy eggenote vergesel.

DR. J. J. DEGENAAR en sy gesin vertrek in Desember na Holland. Hy sal veral ondersoek instel na die moderne rigtings in die Antropologie en na die filosofiese grondslae van die politieke denke, met spesiale aandag aan die verskynsels van nasionalisme en kommunisme. In die lig van die toenemende belangstelling in die politieke denke in die wêreld, en meer bepaald ook in Suid-Afrika, sal dr. Degenaar navorsing doen aan verskeie universiteite in Europa waar Staatsfilosofie as 'n selfstandige kursus aangebied word. Dr. Degenaar onderneem die reis met behulp van 'n ruim toekenning uit die Oppenheimer-trustfonds.

DR. C. VERBURGH, hoofnavorsingsbeampte in die Buro vir Ekonomiese Ondersoek van die Fakulteit van Handel, het op 18 Maart op 'n uitgebreide studietoer na Europa en Noord-Amerika vertrek. Dr. Verburgh stel groot belang in vervoer en is reeds 'n geruime tyd besig met 'n ondersoek in verband met die nasionale vervoerbeleid in Suid-Afrika, veral wat betref die koördinering van spoor- en padvervoer. Hy word deur sy gesin vergesel.

DR. J. G. (KAMPE) SMITH, lektor in Plantkunde, het onlangs in Nederland die doktorsgraad in Plantkunde verwerf en is weer terug op Stellenbosch. Sy proefskrif het gehandel oor die vorming van antibiotiese stowwe deur sekere swamme en die invloed daarvan op 'n gevaarlike plante-parasiet.

Program van Afrika-Studies

SOOS reeds in die openbare pers aangekondig, het die Universiteit 'n *Program van Afrika-studies* in die Fakulteit van Lettere en Wysbegeerte ingestel.

Ter uitvoering hiervan, word daar vanaf 1960 'n Hons.-B.A.-kursus in Afrika-studies aan die Universiteit aangebied. Persone wat hierdie kursus wil volg, moet in besit wees van die graad B.A. en in een van die volgende vakke op driejarige basis geslaag het: Ekonomie, Sosiologie, Volkekunde, Geskiedenis, Naturelle-Administrasie, Geografie en Ro-

Dis nou vir jou lewe, hoor! ... en dis vir jou bier

Vriende, voedsel en koue Castle

As daar te kies en te keur op die tafel is en 'n man jou eerste watertandlekker hap neem — is koue Castle dubbel welkom. Heerlike, skuimkoue Castle is geurryk aan smaak en kragryk aan goeie, gesonde bestanddele; daarby pas dit by iedere geleentheid. Geniet Castle — die keurbier vir louter plesier — in kannetjies of bottels.

SUID-AFRIKA SE UITSOEKBIER



Grant 345/5728

GROSVENOR MOTORS

is die Uniale

Ford-hoofhandelaars

GROSVENOR MOTORS

Breëstraat 61, Kaapstad. Tel.: 2-5521

Ook te:

Johannesburg Tel.: 22-0961 ● Durban Tel.: 2-8956

Oos-Londen Tel.: 2255

GM 6884

meins-Hollandse Reg. Daarbenewens moes hul in ten minste twee van die volgende vakke op eenjarige basis geslaag het: Ekonomie, Sosiologie, Volkekunde, Geskiedenis, Naturelle-Administrasie, Geografie, Romeins-Hollandse Reg, Bantoetale, Frans of 'n ander taal. Die Senaat kan egter ook ander goedgekeurde persone toelaat om die kursus te volg.

Verskeie departemente en fakulteite aan die Universiteit, bv. dié vir Bantoetale, Naturelle-Administrasie, Volkekunde, Sosiologie, Ekonomie, Geskiedenis, Geografie, Geologie, Landbou, Regsgeleerdheid ens., wy reeds onderdele van hulle kursusse aan Afrika, maar met hierdie *Program* word daar nou 'n gekoördineerde en omvattende studiekursus oor Afrika aangebied.

Die Hons.-B.A.-graad in Afrika-studies kan, met toestemming van die betrokke departement en onderhewig aan sodanige aanvullende vereistes as wat deur die betrokke departement gestel mag word, tot die M.A.-graad in een van die hoofvakke van die B.A.-graad lei, met dien verstande dat die M.A.-studie in die betrokke vakrigting verband sal hou met die studie vir die Hons.-B.A.-graad in Afrika-studies.

Die redes vir die instelling van hierdie *Program* lê voor die hand. Die huidige en verwagte ontwikkelinge op die vasteland van Afrika is sodanig dat Suid-Afrika dit nie kan bekostig om slegs die rol van 'n belangelose toeskouer te speel nie. Suid-Afrika word op konstitusionele, politieke en ekonomiese gebied regstreeks en onregstreeks geraak deur wat op die vasteland van Afrika gebeur. As 'n hoog ontwikkelde land op die vasteland van Afrika, kan Suid-Afrika 'n besondere bydrae lewer tot die ontwikkeling van Afrika en sy mense. Verskeie universitêre inrigtings in die buiteland het reeds afdelings vir Afrika-studies in die lewe geroep. Deur die instelling van hierdie *Program* lewer die Universiteit, soos meermale in sy geskiedenis, 'n besondere diens aan Suid-Afrika.

Toekenning van Hons.-B.-Grade en B.Ed.-Graad: Vergunning aan Kandidate wat 'n Magistersgraadkursus Gedeeltelik Voltooi het

1. (a) Die Universiteit het onlangs besluit dat kandidate wat 'n magistersgraadkursus gedeeltelik voltooi het voordat honneursgrade aan die Universiteit ingestel is, aansoek kan doen om die verlening van 'n honneursgraad indien hulle die skriftelike gedeelte van die magistersgraadeksamen afgelê en die vereiste standaard daarin behaal het. Hierdie vergunning geld t.o.v. honneursgrade in dié vakke waarin daar honneurskursusse aangebied word, t.w.:

Hons.-B.A. (in alle vakke); Hons.-B.Sc. (in die vakke Botanie, Chemie, Fisika en Wiskunde); Hons.-B.Comm. en Hons.-B.Sc. in Bosbou.

(b) Die Universiteit het ewe-eens besluit dat kandidate wat die skriftelike gedeelte van die M.Ed.-eksamen met goeie gevolg afgelê het, aansoek kan doen om die verlening van die B.Ed.-graad.

(Die vergunning i.v.m. die verlening van 'n honneursgraad of die B.Ed.-graad is nie van toepassing op kandidate wat reeds 'n magistersgraad aan hierdie Universiteit behaal het nie.)

2. Kandidate wat in aanmerking wil kom vir die verlening van 'n honneursgraad of die B.Ed.-graad onder bogenoemde vergunning, moet skriftelik daarom aansoek doen by die Registrateur.

3. Elke aansoek sal op meriete deur die Senaat van die Universiteit oorweeg word, en indien 'n aansoek toegestaan word, sal die betrokke persoon daarvan verwittig word en die nodige inskrywingskaarte en inskrywingsvorms aan hom gestuur word.

4. Die betrokke kandidaat moet die inskrywingskaarte (3), 'n eksameninskrywingsvorm en 'n vorm i.s. die afstuur van die graadsertifikaat voltooi en tesame met 'n bedrag van £1 5s. aan registrasiegelde aan die Registrateur terugstuur.

(Hoewel die kandidaat geen verdere eksamen vir die honneursgraad of die B.Ed.-graad hoef af te lê nie, moet hy nietemin die genoemde vorms en kaarte voltooi en duidelik meld dat hy vir die honneursgraad of B.Ed.-graad in aanmerking wil kom op grond van die skriftelike gedeelte van die magistersgraadeksamen wat hy reeds afgelê het.)

5. Daar sal geen verdere saamgestelde gelde of eksamengelde betaalbaar wees nie.

6. Die betrokke graad kan aan die kandidaat verleen word op die eerste gradedagplegtigheid nadat die Raad, op aanbeveling van die Senaat, sy aansoek goedgekeur het.

7. Indien 'n kandidaat nie by die gradedagplegtigheid aanwesig kan wees nie, kan die graad in afwesigheid verleen word, mits die kandidaat £5 aan addisionele promosiegeld betaal ten minste twee dae voor die gradedagplegtigheid waarop die graad verleen sal word.

8. Akademiese drag by alle gradedagplegtig-

hede is verpligtend. (Nadere besonderhede i.v.m. die huur van togas is by die Registrateur verkrygbaar.)

9. Op die graadsertifikate wat uitgereik sal word, sal aangedui word in watter jaar die kandidaat die betrokke eksamen afgelê het, maar die sertifikaat sal die reële uitreikingsdatum dra.

10. Die eerste gradedagplegtigheid waarop honneursgrade of die B.Ed.-graad onder bogenoemde vergunning verleen kan word, vind plaas op Vrydag, 9 Desember 1960, in die Stellenbosse Stadsaal. Graadsertifikate word net na die gradedagplegtigheid uitgemaak en ongeveer drie weke later aan die kandidate afgestuur. Indien nodig, kan 'n kandidaat egter aansoek doen om 'n skriftelike verklaring dat hy aan al die vereistes vir die verlening van die betrokke graad voldoen het op die datum waarop die Raad sy aansoek goedgekeur het.

Gradedag, Desember 1959

DIE Kanselier, Sy Edele dr. T. E. Dönges, het by geleentheid van die gradedagplegtigheid op 11 Desember 1959 aan 564 kandidate grade toegeken.

Die eregraad D.Phil is aan dr. A. L. Geyer toegeken as blyk van waardering vir die uitmuntende en toegewyde diens wat hy in belang van ons land en ons volk gelewer het. Dr. Geyer was o.a. hoofredakteur van „Die Burger" en Hoë Kommissaris en Gevolmagtigde Minister van Suid-Afrika in Londen. In laasgenoemde hoedanigheid het hy werk van uitnemende gehalte gelewer. Deur sy openhartige maar taktvolle en waardige optrede, het hy die verteenwoordiging van Suid-Afrika op hierdie strategiese plek op 'n buitengewone hoë peil geplaas en onder moeilike omstandighede goeie vriende vir ons land gewen. Ook in ons rasseaangeleenthede het hy steeds ernstig belanggestel. 'n Paar jaar gelede is hy tot voorsitter van Sabra gekies en hy dien nog steeds in hierdie hoedanigheid. Deur 'n eredoktorsgraad aan dr. Geyer toe te ken, het die Universiteit die waardige dienste van een van sy oud-studente op waardige wyse erken.

Die getal grade, onder andere ook ses doktorsgrade, wat in die verskillende fakulteite toegeken is, is soos volg: Lettere en Wysbegeerte 230, Natuurwetenskappe 113, Opvoedkunde 45, Landbou 51, Regsgeleerdheid 16, Godgeleerdheid 9, Handel 47, Ingenieurswese 39, Geneeskunde 4 en Bosbou 10.

Vir die eerste keer in die geskiedenis van die

Die Kanselier ken die eregraad D.Phil. aan dr. A. L. Geyer toe.



Universiteit is daar grade in die Geneeskunde toegeken. Toe die Fakulteit van Geneeskunde gestig is, is besluit dat praktiserende geneeshere hulle dadelik vir spesialiteitsgrade kon inskryf. Die eerste vier geneeshere wat die M.Med-graad ontvang het, was drr. M. P. Keet, J. S. Marais, H. F. Pieterse en S. V. Potgieter.

Mnr. A. E. Rupert Ontvang Eregraad

MNR. ANTON RUPERT, lid van die Universiteitsraad, het op Saterdag, 19 Maart 1960, die eregraad van Doktor in die Wis- en Natuurkunde aan die Universiteit van Pretoria ontvang. Namens die Universiteit en al ons lesers wil ons mnr. Rupert van harte gelukwens met hierdie hoë onderskeiding wat hom te beurt geval het.

Nuwe Manskoshuis

BOKANT Simonsberg-koshuis is die agste manskoshuis van die Universiteit in aanbou. Dit sal 250 studente huisves. Drie van die bestaande hokkiebane sal deur die gebou in beslag geneem word en nuwe hokkiebane moet dus elders aangelê word.

Prof. Bruwer Voorsitter van Kollegeraad

PROF. J. P. VAN S. BRUWER, hoogleraar in die Volkekunde aan die Universiteit, is benoem tot voorsitter van die Raad van die Universiteitskollege vir Zoeloes te Ngoya (Natal). *Matieland* wil hom graag van harte gelukwens met hierdie hoë onderskeiding.

Nuwe Kursusse in Handelsfakulteit

ONS het in die vorige nommer van *Matieland* gemeld dat die Fakulteit van Handel van die Universiteit van vanjaar af 'n B.Comm.-kursus met Verkeerswese as spesiale studierigting aanbied. Die Universiteit het verder besluit om, na aanleiding van 'n versoek van die Kommissaris van Binnelandse Inkomste, vanaf 1960 ook 'n B.Comm.-kursus (buitemuurs) aan te bied wat doeltreffend sal wees vir die opleiding van amptenare vir die Departement van Binnelandse Inkomste.

Nog 'n Oud-Matie in die Kabinet

MNR. J. J. (JIM) FOUCHÉ, tot onlangs administrateur van die Oranje-Vrystaat, het in Desember 1959 ons nuwe Minister van Ver-

U kan meer as £500

ryker wees as u vir 'n tydperk van sowat 46 maande elke maand £10 op Subskripsie-aandele by Saambou belê. U kan volle besonderhede verkry van u naaste takbestuurder of verteenwoordiger van

SAAMBOU

(PERMANENTE)

BOUVERENIGING

— waar u tuis voel, en u geld vinnig vermeerder.

Takke te Bloemfontein, Kaapstad, Port Elizabeth, Oudtshoorn, De Aar, Durban, Johannesburg, Pretoria, Klerksdorp, Pietersburg en Windhoek.
Agentskappe dwarsdeur die Unie en Suidwes.

VZ 2039 A

dediging geword. *Matieland* wil hom graag van harte gelukwens met hierdie hoë onderskeiding wat hom te beurt geval het, en hom krag en sterkte toewens in die groot en verantwoordelike taak wat op sy skouers rus. Mnr. Fouché se eggenote, Letta, is ook 'n oud-Matie.

Mooi so! Wilgenhoffers

IN 1952 het die Wilgenhoffers aangebied om voor die einde van 1959 £15,000 vir die herbou van hulle koshuis in te samel, op voorwaarde dat die nuwe koshuis op die ou Wilgenhof-terrein herbou word. Op 10 Desember 1959 het prof. Danie Craven by geleentheid van 'n gesellige byeenkoms in Wilgenhof 'n tjek vir hierdie bedrag aan die Rektor, prof. H. B. Thom, oorhandig. Prof. Thom het die Wilgenhoffers verseker dat die Universiteit hulle gees van offervaardigheid ten seerste waardeer. Daar sal gesorg word dat 'n koshuis gebou word wat Stellenbosch en Wilgenhof waardig sal wees.

Dr. A. L. Geyer en proff. Jan Neethling en Con de Villiers was die eregaste, terwyl ds. Van Arckel as seremoniemeester opgetree het. Aan grappies en kwinkslae het dit nie ontbreek nie. Onder andere is die wenk uitgespreek dat die Dagbrekers ook gerus 'n klein bydrae tot die afbreek van die ou Wilgenhof kan maak!

UNIVERSITEITSKOLLEGE VAN WES-KAAPL AND· EERSTE VERGADERING VAN RAAD



Die Raad van die Universiteitskollege van Wes-Kaapland is met ingang van November 1959 aangestel en bestaan uit dertien lede onder voorsitterskap van prof. H. B. Thom. Die Kollege is vanjaar geopen en het met drie fakulteite begin, t.w. dié vir Lettere en Wysbegeerte, Natuurwetenskappe en Handel. 'n Fakulteit vir Opvoedkunde sal later gestig word. Op die foto hierbo is van links na regs voor: mnr. P. Grobbelaar (Adjunk-sekretaris van Onderwys, Kuns en Wetenskap), Sy Edele J. J. Serfontein (Minister van Onderwys, Kuns en Wetenskap), prof. H. B. Thom (Voorsitter), dr. J. G. Meiring (Rektor), mnr. J. F. Louw (Registrateur); agter: mnr. W. J. du Plessis, mnr. G. E. Haysteck, eerw. J. A. J. Steenkamp (Moderator van die Sinode van die Kaapse N.G. Sendingkerk), prof. A. J. Coetzee (Hoogleraar in die Afrikaanse Taal- en Volkskunde aan die Universiteit van die Witwatersrand), sen. J. G. Olivier (Kleurlingverteenwoordiger in die Senaat), prof. S. Pauw (Rektor van die Universiteit van Suid-Afrika), mnr. M. H. Pienaar (lid van Bellville se Stadsraad), prof. S. P. Olivier (Dekaan van die Fakulteit van Opvoedkunde aan die Universiteit van Kaapstad), biskop B. Peacey, dr. I. D. du Plessis (Sekretaris van Kleurlingsake), mnr. G. S. P. le Roux (Kleurlingverteenwoordiger vir Karoo in die Volksraad) en dr. A. M. Rabie (Voorsitter van die Skoolraad van Port Elizabeth).

Reliëfbeeld van Langenhoven aan Universiteit Geskenk

MEV. JACOB SMIT van Oudtshoorn het — ook ooreenkomstig haar ontslape eggenoot se wens — 'n reliëfbeeld van wyle C. J. Langenhoven, 'n boesemvriend van hulle, aan die Universiteit geskenk. Mnr. Smit het die reliëfbeeld deur 'n Italiaanse beeldhouer, Piri, laat maak. Later is besluit om die beeld aan die Universiteit te skenk met die gedagte dat dit uiteindelik in die Langenhoven-Gedenksaal geplaas moet word. Die Universiteitsraad het die geskenk, tesame met 'n paar ander Langenhoven-aandenkings, met groot dankbaarheid in ontvangs geneem.

„Die Silwer Soom"

TEEN die einde van verlede jaar het daar uit die pen van een van ons hoogleraars, prof. A. C. Cilliers, 'n boek verskyn — „Die Silwer Soom".

In hierdie werk ontrafel prof. Cilliers nie die geheime van atoomkrag nie, maar vertel hy vir ons van drie wonderlike dinge, nee vier:

„Die pluk van 'n vis aan my hoek;
Die klap van 'n koeël teen sy doel;
Die vlug van 'n gholfbal deur die lug;
En die blos op die wang van 'n vrou."

Hierdie vier wonderlike dinge verteenwoordig vir prof. Cilliers die genietlikhede van die lewe — dit is die dinge wat van sy kinderjare af soos 'n silwer soom van lighartige vreugdes om die goue kern van lewenserns en arbeid geglinster het.

Kostelik is prof. A.C. se beskrywing van die besoek aan Boy Cilliers se plaas aan die oewers van die Oranjerivier, en wel in geselskap van 'n besoekende Nederlandse professor en prof. Fransie. Hoor hoe verwelkom die bonkige Boy sy gaste: „My magtig Frans, en waar kry julle die Hollander met 'n keil op?" Die „keil" was 'n sonhelmet wat hulle professor Kloeke aangeraai het om te kry as beskerming teen die hete middagson van Douglas se wêreld. En wie kan sy lag bedwing waar Boy gedurende die Springbokjag die draak steek met professor Kloeke? „Ja, Klokke, nou verstaan ek eers hoekom die Hollanders taggentig jaar teen die Spanjaarde oorlog gevoer het. As jy teen my moes veg, heb ek jou al tien keer doodgeskote voor jy nog jou geweer gelaai het!"

„Die Silwer Soom" is 'n boek wat nie net genot sal verskaf aan alle hengelaars, jagters, gholfspelers en minnaars nie, maar ook aan die breë massa wat daarna hunker om die swaar las van die daaglikse lewe 'n bietjie te verlig met 'n tikkie humor of geestigheid. Dit is 'n boek vir almal en met groot vrymoedigheid beveel ons dit aan by ons oud-studente. Dit is verkrygbaar by Nasionale Boekhandel Bpk., Posbus 119, Parow. Die prys is 18/6 (posgeld: 7d.).

Universiteit Skenk Herbarium

OP 1 April 1960 het 'n Staatsherbarium op Stellenbosch tot stand gekom. Hierdie herbarium, waar gedroogde eksemplare, prente van plante en leesstof oor plante bewaar word, is deur die Universiteit aan die Departement van Landbou-Tegniese Dienste geskenk. Dit sal van groot waarde vir boere, studente en navorsers wees, veral met die oog op die klassifisering en die identifisering van plante.

Dr. A. V. Duthie het reeds vroeg in hierdie eeu begin met die opbou van 'n herbarium. Sy het haar toegespits op die versameling van plante wat in die omgewing van Stellenbosch voorkom. Daarna het prof. G. C. Nel die werk voortgesit. Deur sy toedoen en met die hulp van dr. Erika Markotter het mettertyd 'n groot herbarium ontstaan.

Kleiner versamelings soos die Van der Bylversameling en die herbarium van die distrik Stellenbosch bly nog die eiendom van die Universiteit.

Strakosch-beurs aan G. van W. Kruger

MNR. G. VAN W. KRUGER wat vanjaar die M.A.-kursus in Grieks aan die Universiteit volg, het die Strakosch-beurs vir nagraadse studie aan die Universiteit van Cambridge verower. Die beurs is vir twee jaar toegeken en bedra £600 per jaar, plus £200 vir reiskoste. Mnr. Kruger is voornemens om in September vanjaar na Cambridge te vertrek vir verdere studie in die Klassieke Tale.

Danie Swanepoel-beurs

MNR. EN MEV. D. J. SWANEPOEL, ouers van Danie Swanepoel wat in Mei 1958 (net voor Intervarsity) in 'n motorongeluk die lewe gelaat het, het besluit om uit die boedel van hulle ontslape seun 'n skenking aan die Universiteit te maak vir die instelling van een of meer beurse aan die Universiteit ter nagedagtenis aan hom. Die Raad het hierdie aanbod van mnr. en mev. Swanepoel met dank en waardering aanvaar, en ook met hulle ooreengekom dat die beurse die Danie Swanepoel-beurse genoem sal word.

Bank
en spaar
by u eie bank

U voel tuis
by

VOLKSKAS

BEPERK

(*Geregistreerde handelsbank*)

Hoofkantoor: Pretoria

VZ1246A



'n Waardevolle versameling Oostenrykse boeke is onlangs deur die Oostenrykse Konsul, dr. A. Weiser, namens sy Regering aan die Universiteit geskenk. Die Rektor, prof. H. B. Thom, het die geskenk in ontvangs geneem. Op die foto kyk (van links na regs) prof. Thom, dr. Weiser en prof. G. P. J. Trümpelmann, hoof van die Departement van Duits, na een van die boeke. Die boeke is op versoek van die Oostenrykse Regering deur die Departement van Duits self uitgesoek en handel oor die deel van die Oostenrykse letterkunde waaroor die universiteite nog nie veel naslaanwerke het nie.

By geleentheid van die gradedagplegtigheid op 11 Desember 1959 het mej. M. J. Pretorius, dogter van die Registrateur van die Universiteit, die graad B.A. (cum laude) *ontvang. Op die foto hang prof. Pretorius die die B.A.-kap vir sy dogter om.*





Die Universiteit het onlangs 'n baie moderne spektrometer vir £3,800 aangekoop. Dit is deur 'n Amerikaanse firma in Duitsland gemaak en is die modernste in sy soort aan enige van die Unie se universiteite. Die spektrometer word gebruik vir kwalitatiewe en kwantitatiewe analise van organiese stowwe en vir die studie van basiese struktuurstudies van die komplekse organiese molekules. Op die foto word die instrument besigtig deur prof. P. B. Zeeman en dr. D. J. Marais van die Departement Fisika. Dr. Marais is in beheer van die instrument.

Wat maak 'n mens op 'n Universiteit?

VERKORTE WEERGAWE VAN DIE REDE UITGESPREEK BY DIE AMPTELIKE OPENING VAN DIE AKADEMIESE JAAR 1960

deur
Sy Edele J. J. Serfontein.

WAT gaan jy maak? Om hierop die regte antwoord te gee, dink ek sal dit goed wees as ons net in 'n paar eenvoudige trekke aandui wat, algemeen beskou, eintlik die funksie van 'n universiteit is of behoort te wees; want as ons dit weet, sal dit ons help om die antwoord te vind op die vraag: wat gaan ons daar maak?

Omdat die universiteit, en by uitstek die Universiteit van Stellenbosch, vir Suid-Afrika in sy proses van ontwikkeling in die laaste halfeeu en meer die bronaar van gedagtestrominge gevorm het, gedagtegange waaruit vir Suid-Afrika sy eie lewensopvattings en 'n eie nasionale lewensfilosofie ontstaan het, dink ek dit sal goed wees as ons sy bestaansreg en werk toets aan die grondbeginsels van wat ons meen die ware funksie van 'n volksuniversiteit behoort te wees.

Toe die vraag gestel is aan 'n vermaarde Spaanse staatsmanfilosoof, Ortegay Gasset, het hy gesê: „The primary function of a University is the transmission of culture, to enable its students to grasp the operative ideas of their age." Hiermee het hy myns insiens 'n treffende aanduiding gegee van wat die rol van 'n volksuniversiteit behoort te wees. 'n Paul Kruger het reeds in 1889 gesê dat so 'n inrigting ingerig moet wees na eie volksaard en landsomstandighede; dit beteken dat dit moet staan in die teken van die lewensbeskouing van die besondere volk wat dit geroepe is om te dien; want as opvoeding nie 'n volk kan dien nie, dan is dit waardeloos, so nie selfs skadelik.

Die Hoogedele Robert Menzies van Australië het by geleentheid gesê: „The University must in the first instance be the home of pure culture and learning, and even if it failed to produce a single doctor, or lawyer or engineer, its place in a civilised community with a real sense of values would be secure." Een van die belangrikste funksies van die universiteit is myns insiens dan om aan die studerende jeug van 'n volk op elke tydstip van sy bestaan 'n gesonde sin vir waardes te kan verseker, sodat hulle waar en wanneer hulle in die lewe uitgaan, duidelik kan onderskei tussen wat goed en wat kwaad is, wat reg en wat verkeerd is.

'n Afrikaanse universiteit in Suid-Afrika moet in staat wees om, in die woorde van ons onvergeetlike Hans Strijdom, „manne en vroue te vorm wat toegerus sal wees, waar hulle ook mag gaan, om leiers en bouers te wees van ons nasie, kragtige bronne van gesonde invloed in die toekomsproses van ons volksontwikkeling." En ek wil met beskeidenheid daarby voeg dat hulle moet wees bronne van lewende waters wat die strominge van ons volksontwikkeling vir die toekoms nie net gesond en sterk sal maak nie, maar met hulle krag die koers van die toekoms sal bepaal om uitendelik te vloei in die see van die ewigheid, met die volle behoud van alles wat vir ons goed en mooi en skoon is.

Vier-en-veertig jaar sedert 1916 het verbygegaan toe wetlike erkenning gegee is aan die Universiteit van Stellenbosch as selfstandige universiteit. Wat het die Universiteit van Stellenbosch, my *Alma Mater*, in die loop van die 44 jaar gedoen vir Suid-Afrika en die Afrikanerdom?

Sover my bekend, was dit altyd nog die strewe van die Universiteit om nie net beroepsmense op te lei nie, maar ook en veral om roepingsbewuste manne en vroue te vorm wat

in staat sal wees om deur storm en drang, en ten spyte van veranderende wêreldwinde wat waai, vasgewortel te bly aan eie bodem en trou en verknog aan hul eie volksbestaan. Die afgelope 44 jaar was jare van onafgebroke stryd vir die Afrikaner in sy strewe om homself te wees en te bly; dit was 'n voortsetting van die stryd van 'n volk wat 'n eie volk wil wees.

Dit was in hierdie dekades van vastrap en stry waarin die Universiteit van Stellenbosch die grootste diens aan Suid-Afrika bewys het. Op alle terreine van die lewe het opgeleide en gevormde jong Afrikanerseuns en -dogters hiervandaan die lewe ingegaan. Die stempel wat hulle hier ontvang het, het hulle afgedruk op ons volkslewe en daardeur spoorslag gegee aan 'n proses van groei en ontwikkeling van 'n jong volk.

Suid-Afrika is vol van die graduandi van die Universiteit van Stellenbosch wat in die afgelope 44 jaar hulle plekke volgestaan het. Om maar net by wyse van voorbeeld een van dié by nadere bepaling te noem: van die *ses* Eerste Ministers wat die Unie gehad het sedert 1910, het *vyf* gekom van die Universiteit van Stellenbosch; die helfte op die huidige tydstip, en vroeër was dit meer, van die Kabinet is Matielanders.

Gedurende die afgelope halfeeu het groot strydvrae ontstaan wat meesal op die staatkundige front besleg moes word. Ons het oorwin, maar ons sou nooit kon gewen het as dit nie was vir die deurlopende en duursame invloed van leiers in maatskappy en kerk, in die opvoeding, in die wetenskap, in die regspraktyk, in die geneeskunde, in die staatsdiens en die kommersiële wêreld, in die nywerheid en in die landbou nie.

Onder die vraagstukke wat besleg moes word, wil ek net 'n paar noem: Sal ons 'n volk wees? Sal ons 'n taal hê? Sal ons vry wees? Sal ons voortbestaan? Moet ons ondergaan? In die stryd wat gegaan het van oorwinning tot oorwinning, is bewys gelewer dat Stellenbosch en die leiers wat hy aan Suid-Afrika gegee het, 'n onmiskenbare bydrae gelewer het om hierop 'n positiewe antwoord te gee: Ons sal nie ondergaan nie, ons sal bly voortbestaan.

Om op te som, wil ek dus sê dat, wat die verlede betref, die Universiteit van Stellenbosch vir my nog altyd daar gestaan het as 'n sierlike boom, gewortel in eie bodem, benat deur sy eie heldere gedagtestrominge, gevoed deur die koesterende sonnestrale van 'n eie verhewe Suid-Afrikaanse idealisme en het hy as sodanig sy takke wyd uitgesprei oor ons volkslewe — 'n boom wat aan sy vrug geken word en wat 'n skaduwee vorm vir die moeë Afrikaner wat in die proses van stryd en strewe ook soek na rus.

Dit wat betref die verlede, die 44 jaar wat verby is.

Studente van Stellenbosch, nie net wanneer julle hierheen kom nie, maar ook wanneer julle van hier die Universiteit van die Lewe ingaan, sal julle 'n antwoord moet gee op die volgende twee vrae: Waar gaan julle heen? Wat gaan julle maak? Gee vir my die antwoord wat die studente-geslagte van Stellenbosch in die volgende 44 jaar op dié twee vrae sal gee, en ek sal vir u die antwoord gee op die vraag: Het die Afrikanervolk 'n toekoms, ja of nee?

Ek wil met julle praat, my mede-Matielanders, van hart tot hart. En waar ek dit doen, wil ek my persoonlike waardering betuig vir wat die Universiteit van Stellenbosch in die verlede gedoen het en nou nog doen om die hand uit te strek na die behoeftige student wat self moet instaan vir sy studies. Ek was een van hulle en Stellenbosch het vir my 'n plek gehad. Daarom het ek ook vir hom 'n warm plek in my hart.

My persoonlike waardering gaan aan u Rektor, prof. Thom, vir wat hy met sy taktvolle, maar koersbesliste leiding nie net vir Stellenbosch nie, maar vir Suid-Afrika doen. Toe ek hom gevra het om my te sê waarom die Universiteit van Stellenbosch net blankes toelaat, het hy sonder enige weifeling of aarseling sy benadering oor wat by ons 'n volksvraagstuk is, gegee. Ek het sy brief in die Volksraad voorgelees. Hy, saam met die Universiteit aan die hoof waarvan hy staan, het die daad by die woord gevoeg. Nie alleen het hy die Voorsitterskap van die Raad van die Kleurlingkollege van Wes-Kaapland aanvaar nie, maar het Stellenbosch aan ons ook personeel afgestaan van hoogstaande gehalte, soos bv. vir Latyn en Handelswetenskappe. Les bes, studente van Stellenbosch, my waardering vir julle warme belangstelling juis in verband met die kwessie van aparte universitêre voorsiening.

Waar ek nou verwys het na die verlede, kan ek u, studente van Stellenbosch, toeroep: kyk terug, wees dankbaar en wees trots. Veral wil ek u met die oog op die toekoms vra: waar gaan ons heen?

Ons lewe in 'n veranderde en in 'n snel veranderende wêreld waarin die mens sy alles

43 jaar se uitstaande beleggings- en versekerings- dienste

Santam se beleggings- en versekeringsdienste het oor 'n tydperk van 43 jaar al meer vertroue by die publiek ingeboesem sodat Santam en sekuriteit vandag sinoniem geword het.

Waarom beleggings by Santam nog steeds vinniger styg:— Aantreklike rentekoerse, tans 3½ — 5½%, rente halfjaarliks betaalbaar.

Sekuriteit bewys deur: 43 jaar se ononderbroke en bevredigende dienste sonder 'n pennie verlies aan rente of kapitaal deur 'n enkele kliënt, hoë reserwedekking en algehele afwesigheid van spekulatiewe bates of tipe besigheidstransaksies. Santam is ook 'n geregistreerde depositonemende instelling.

santam

TRUST: RENTE SONDER RISIKO

Ook op die gebied van versekering kan u volle beskerming en gemoedrus geniet deur ten volle by SANTAM te verseker teen: Storm, brand, ongevalle en siekte, inbraak, openbare aanspreeklikheid, eise insake motor- en derdeportyversekering, of watter skade of verlies ook al.

Santam

VERSEKERING SAL VERGOED

moet inspan om tred te hou met die veranderinge van ons dag. Op alle lewensterreine vind geweldige ontwikkelinge plaas en moet ons in die lig daarvan kennis opdoen, ondersoek instel, die bestaande kennis aanvul en so ons deel bydra om ons volk in so 'n eeu van snelle ontwikkeling na die beste van ons vermoë te dien. Vanaf Stellenbosch moet ons, as waarborg vir ons toekoms, manne en vroue met verstandelike vermoë en kennis kry om leiding te neem in die ontplooiing van die patroon van die toekoms. Daarby moet hulle ook wees ewewigtige Afrikaners, manne en vroue van karakter met staankrag, drakrag, slaankrag en daadkrag. Hulle moet wees mense wat sal vra: wat kan ek gee aan my eie volk en vaderland, Suid-Afrika? Aan sulke manne en vroue kan ons dan verder sê: kyk vorentoe en wees getrou; kyk altyd op na Bo en doen en glo.

Seuns en dogters van Suid-Afrika, as ek van julle iets mag vra by hierdie vir julle so plegtige geleentheid, dan is dit net dit: neem vir julle as maatstaf die mooiste en die skoonste wat julle kan kry uit die lewe van ons volk in sy stryd om 'n bestaan en 'n voortbestaan, en bereken daarop julle waardebepalings vir die toekoms. Ons mág nie ondergaan nie, ons mág nie kapituleer nie. Ons moet as blanke Christelike volk ons gesonde sin vir waardes behou en uitbou. Deur die storme van die eeue het die Christendom stand gehou, omdat dit gefondeer is op die liefde wat in sy oorsprong en wese Goddelik is, en daarom onvernietigbaar. Die toekoms sal aan u baie hoë eise stel. Suid-Afrika roep u op tot stryd, nie net om te behou wat ons het nie, maar ook om dit vir hulle wat ná ons kom moontlik te maak om te bestaan. Sal ons, sal ons kinders, ons kindskinders — sal u kinders nog 'n kans hê soos ons om blank te wees en blank te bly? As daar in die begin van die volgende eeu seuns en dogters hier na Stellenbosch toe kom om in te skryf — julle seuns en dogters, of liewer kleinseuns en kleindogters: sal hulle nog Afrikaners wees, blank wees, vry wees en God vrees? Sal hulle ook fees kan vier soos ons in die afgelope kwarteeu al feesgevier het? Sal hulle aan ons dink soos ons dink aan hulle wat vóór ons was? Sal hulle van ons kan sê wat ons sangers, skrywers, digters en feesredenaars in dankbare erkentlikheid van ons voorgeslag sê?

En as die Witmansvlag
Nog oor ons velde lag,
Weet wie te danke is,
Eer hulle gedagtenis.

En nou kom ek by my laaste en belangrikste vraag.

Sal die Universiteit van Stellenbosch, my *Alma Mater,* in die volgende 44 jaar in verhouding net so 'n waardevolle bydrae kan maak aan die proses van groei en ontwikkeling wat voor ons lê? In ons dag wentel satelliete om ons aardbol; hulle bane is mensgemaakte bane en daarom is hulle onvas en onseker. Op die bodem van ons vaderland woon 'n volk wie se bane in sy verlede bepaal is deur die Albesturende Hand van God en daarom was daardie bane vas en seker. Kom laat ons dan ons toekoms, ook ons studiejare ingaan en deurgaan met die onwrikbare geloof in die toekoms van ons volk. Die verlede is vir ons 'n inspirasie; die toekoms 'n uitdaging. Wat gaan ons antwoord wees? In die onsterflike woorde van u vorige Kanselier, wyle dr. D. F. Malan, wil ek u toeroep: Glo in God, glo in u Volk, glo in uself.

My wekroep aan u is: vorentoe — vasberade vorentoe!

NUUS VAN OUD-MATIEBONDTAKKE

Bloemfontein

OP 6 Februarie het meer as 'n honderd geesdriftige oud-Maties in 'n hotel in Bloemfontein vergader om 'n tak van die Oud-Matiebond te stig.

Mnr. Tobie Mostert, assistent-direkteur van die Vrystaatse landboustreek, het as seremoniemeester opgetree en met sy pittige sêgoed gou-gou daarin geslaag om 'n warm en gesellige Matie-atmosfeer te skep.

BESTUUR: OUD-MATIEBONDTAK BLOEMFONTEIN

Agter van l. na r.: *Prof. C. van H. du Plessis (voorsitter), adv. F. S. Smuts, Q.C. (vise-voorsitter), mnr. P. H. Oosthuysen (sekretaris).* Voor van l. na r.: *Mev. W. van der Merwe, mnr. J. v. R. Furter en mnr. S. J. Terreblanche (penningmeester).*

Mnr. I. P. J. du Plessis, voormalige direkteur van die Vrystaatse Landboustreek en prinsipaal van die Glen-landboukollege, was die hoofspreker van die aand. Baie gepas was die seremoniemeester se opmerking ten opsigte van mnr. Du Plessis: „. . . winter om die kop, maar somer in die hart."

Mnr. P. J. Lombard, hoof van die Inligtingsburo van die Universiteit, was ook die aand teenwoordig en het die gehoor die een en ander vertel van die jongste ontwikkelinge aan die Universiteit. Hy het ook die belangrikheid van die oud-student vir die Universiteit beklemtoon.

Die volgende Bestuur is gekies:

Voorsitter: Prof. C. van H. du Plessis (B.A. 1931, M.A. 1932); Vise-Voorsitter: Adv. F. S. (Frank) Smuts, Q.C. (B.A. 1942); Sekretaris: Mnr. P. H. (Flip) Oosthuysen (B.A. 1955); Penningmeester: Mnr. S. J. (Sampie) Terreblanche (B.A. 1954, M.A. 1957); Addisionele lede: Mev. W. van der Merwe en mnr. J. v. R. (Jaap) Furter (B.Sc. 1949).

De Aar

OP 29 Oktober 1959 het die oud-Maties van De Aar en omliggende dorpe byeengekom en besluit om 'n tak van die Oud-Matiebond te stig.

Die volgende Bestuur is gekies:

Voorsitter: Mnr. J. A. Pienaar (B.A. 1941); Vise-Voorsitter: Mnr. P. Barnard (B.A. 1952, M.Ed. 1952); Sekretaris: Mnr. H. Visser (B.Comm. 1955); Penningmeester: Mnr. S. D. de Kock (B.Sc. Ing. 1954); Wyksverteenwoordiger vir Britstown: Mnr. K. Wipplinger (B.Comm 1932); Wyksverteenwoordiger vir Richmond: Mnr. F. du Bois.

Kaapse Skiereiland

DIE Skiereilandse tak het op 16 Oktober 1959 'n baie geslaagde dinee in die Klub Here XVII aangebied. Die Administrateur van Kaapland, dr. J. H. O. du Plessis, het by dié geleentheid as spreker opgetree.

Die Tak het sy jaarvergadering op 20 November met 'n vleisbraaifunksie gekombineer. Die voorsitter van die Tak, mnr. J. P. van der Westhuyzen, het in sy verslag 'n beroep op alle lede van die Tak gedoen om groot belangstelling en ywer vir die saak van ons *Alma Mater* te toon, sodat die Universiteit sy leidende posisie kan behou.

Die volgende Bestuur is vir 1960 en 1961 gekies:

Voorsitter: Mnr. J. P. van der Westhuyzen (M.Sc. 1929); Vise-Voorsitter: Mnr. J. P. Bekker (B.A. 1939, M.Ed. 1949); Sekretaris: Mnr. Z. J. Lazarus (B.A. 1945, M.A. 1948); Penningmeester: Mnr. G. J. Kotzé (B.Comm. 1949); Addisionele lede vir Noordelike Stadsgebiede: Mnre. I. J. M. Archer (M.Sc. 1927) en A. C. du Toit (B.Sc. 1946); Addisionele lede vir Suidelike Stadsgebiede: Mnre. F. J. J. Mostert (B.A. 1930) en J. P. Pienaar (B.Sc. in Landbou 1930); Addisionele lede vir Kaapstad-sentraal: Adv. T. E. Kleynhans (B.A., LL.B. 1945) en mnr. A. L. Malherbe (B.A., LL.B. 1955).

Port Elizabeth

Op die jaarvergadering van die Port Elizabeth-tak in Maart het die oud-Maties hulle ten gunste van die donkerblou kleurbaadjie uitgespreek. By hierdie geleentheid het die Tak ook afskeid geneem van mnre. S. Theron en H. G. J. Lintvelt wat Port Elizabeth verlaat. Mnr. Theron is aangestel as inspekteur van skole in Wynberg en mnr. Lintvelt word inspekteur van skole in die Noordweste.

BESTUUR: OUD-MATIEBONDTAK PORT ELIZABETH



Agter van l. na r.: *Mnr. D. J. Visser (sekr.), mnr. P. J. Schreuder, mnr. H. Doubell (penningmeester), mnr. C. J. Bekker.* Voor van l. na r.: *Mnr. A. du Plooy (vise-voorsitter), mnr. P. J. K. Delport (voorsitter), mnr. R. K. de Villiers.*

Die volgende Bestuur is gekies:

Ere-President: Mnr. J. C. K. Erasmus; Voorsitter: Mnr. P. J. K. Delport (M.A. 1947); Vise-Voorsitter: Mnr. A. du Plooy (B.Sc. 1941); Sekretaris: Mnr. D. J. Visser (B.Sc. 1950); Penningmeester: Mnr. H. Doubell (B.A. 1955); Addisionele lede: Mnre. P. Schreuder (B.Sc. 1957), C. J. Bekker en R. K. de Villiers (M.Sc. 1944).

'n Puik dinee het na die vergadering gevolg. Die jong klomp het die res van die aand gedans, terwyl die ouer geslag gesellig verkeer het.

BYEENKOMS VAN DIE PRETORIA-TAK BY DIE FONTEINE



Die oud-Maties van Pretoria lê weg aan die braaivleis, wors en vrugte.

Pretoria

Die sekretaris van die Pretoria-tak, mnr. A. J. Esterhuyse, skryf dat ongeveer 180 oud-Maties met hulle gesinne (in totaal 340) op Saterdag, 6 Februarie, by die Pretoria-Fonteine byeengekom het. By dié geleentheid moes daar vir een van die drie „proefbaadjies" gestem word en die donkerblou baadjie het die meeste stemme gekry. Hierna is Matieliedjies onder leiding van mnr. George Neser gesing, terwyl heerlike braaivleis, boerwors en vrugte bedien is.

Die „proefbaadjies" word noukeurig ondersoek deur mnre. C. Raubenheimer (heel regs), H. P. Dekker en 'n paar ander oud-Maties.

Witbank

Mnr. G. F. Stegmann van Witbank skryf dat die oud-Maties van daardie omgewing op 18 Maart 1960 in die gebou van die hoërskool op Middelburg die oud-Matiebondtak *Hoëveld* gestig het.

Die volgende Bestuur is gekies:

Voorsitter: Mnr. F. W. Birkholtz (B.A. 1921); Vise-Voorsitter: Ds. C. A. du Plessis (B.A. 1932); Sekretaris-penningmeester: Mnr. G. F. Stegmann (B.Sc. Ing. 1951). Met 'n geringe meerderheid het die Tak ook te kenne gegee dat hy aan die donkerblou baadjie voorkeur gee.

Die vergaderings en funksies van die Tak sal voorlopig om die beurt op Middelburg en Witbank gehou word.

BRIEWEBUS

MNR. G. J. SMIT, Rektor van die Paul Roos-Gimnasium, skryf soos volg:

„Met die oog op sy eeufees in 1966, is die Paul Roos-Gimnasium op Stellenbosch besig om 'n reeks kleurskyfies te maak van o.a. sekere bestaande geboue en ook van gesloopte geboue soos dit nog van ou portrette verkry kan word. Die hulp van oud-skoliere en oud-studente van die eertydse Stellenbosche Gymnasium, en veral van inwoners van die *Home* (of hulle kinders) sal in hierdie verband hoog op prys gestel word.

Van die *Home*-geboue, waar oom Japie Krige (Japie Home) eens die septer geswaai het, bestaan Industria nog, maar eerlank sal dit ook plek maak vir 'n meer moderne gebou.

'n Foto van Quarta word dringend benodig. Persone wat moontlik in besit van 'n foto van Quarta is, word vriendelik gevra om so goed te wees om dit aan ons te gee of te leen vir die maak van 'n afdruk. 'n Foto van die vier tennisbane tussen Quarta en Prima sal ook baie welkom wees. Tertia, die „Paleis" en Secunda was opgeknapte buitegeboue van 'n gedeelte van die plaas Welgevallen, maar Quarta is uit die grond uit opgebou. Vandag kan niemand meer sy fondamente aanwys nie; alleen die landmeter se kaart dui nog die juiste posisie aan waar dit gestaan het.

Ons het nie net foto's van hierdie ou geboue nodig nie, maar ook groepportrette van oud-skoliere of klasse van vóór die jaar 1900."

(Ons vertrou dat oud-studente wat hulp kan verleen, dadelik met die Rektor van die Paul Roos-Gimnasium in verbinding sal tree.—Red.)

VAN HEINDE EN VERRE

'N BEWOË gehoor het op Saterdagaand, 14 November 1959, die ontbinding van die *Stellenbosse Boerorkes* in die Stellenbosch-stadsaal bygewoon. Die Orkes wat met die leiers, oom Pietie en tant Hester le Roux, oor die hele land en in Suidwes-Afrika bekend is, is nou na 'n kwarteeu finaal ontbind.

Die Orkes het met konserte meer as £50,000 vir liefdadigheid ingesamel, maar bowenal die Afrikaanse volkslied laat herleef.

Op aandoenlike wyse het 'n groep oud-lede van die Orkes die afskeidslied van die Orkes gesing, terwyl oom Pietie stil tussen die gehoor gesit het. Tant Hester is twee jaar gelede oorlede.

Bekende oud-lede van die Orkes soos Louwtjie, Mattie en Albie Louw, Cyrus Smith, Herta Fourie, Willie Smit, Willem Smit, Mary Krige en Willem Massyn het opgetree.

Die sprekers by die geleentheid was dr. Herman Daleboudt, sen. A. E. Erlank, mnr. Gallie Müller (ere-sekretaris) en oom Pietie.

Saterdagmiddag het prof. C. G. W. Schumann, namens die Ekonomiese Instituut van die F.A.K., 'n krans op die graf van tant Hester gelê.

* * *

Die Stellenbosse Rugbyklub het onlangs weer vyf oud-Maties met erekleure vereer. Hulle is die volgende:

Viccie Barnard, sekretaris van die Rugbyklub Somerset-Wes vir die afgelope nege jaar; *Jannie le Roux,* ere-voorsitter en afrigter van die Rugbyklub Diggers; *Jurie Marais,* onderwyser op Kuilsrivier, wat al as bestuurder van Markotterspanne opgetree het; *Ronél Pretorius,* kaptein van die Rugbyklub Tuine; en *Dan Badenhorst,* onderwyser in Goodwood, wat al 'n paar keer wedstryde vir Markotterspanne in die Tygerberg gereël het.

* * *

Mnr. J. J. Oosthuisen (B.A. 1936), voorheen skoolhoof op Kenhardt, is vanaf die begin van die jaar aangestel as hoof van die hoërskool op Swellendam.

Mnr. W. Swanepoel (B.A. 1940, M.A. 1944), voorheen skoolhoof op Fraserburg, is aangestel as hoof van die hoërskool op Calvinia.

Mnr. J. A. Smuts (M.A. 1918), voorheen inspekteur van onderwys in Transvaal, woon tans op 'n plaas in die distrik Lydenburg. Mnr. Smuts was vir die tydperk 1919 — Junie 1920 voorsitter van die Studenteraad op Stellenbosch. Drie lede van die huidige Kabinet, t.w. dr. T. E. Dönges, mnr. P. O. Sauer en dr. A. Hertzog het saam met mnr. Smuts op die Studenteraad gedien.

Mnr. D. J. Visser (B.Sc. in Landbou 1953), voorheen privaatsekretaris van die Unie se Hoë Kommissaris in Londen, is verlede jaar na Madrid verplaas as sekretaris van die Unie se Gesantskap in Spanje.

Die volgende oud-Maties wat ver van Stellenbosch af woon, het die Inligtingsburo vanjaar besoek: *Mev. E. C. Gildenhuys* (B.Comm. 1944), sekretaresse van die Oos-Randse Oud-Matiebondtak; *mnr. J. B. (Barney) Lourens* (M.A. 1949) van Salisbury, en *mnr. W. Naudé* (M.A. 1946) van Springs.

Ds. J. A. J. (André) McDonald (B.A. 1930) het 'n beroep na die N.G.-gemeente Brandfort, O.V.S., aangeneem.

Mnr. W. du P. le Roux du Rand (B.A. 1934), vroeër inspekteur in die Departement van Volkswelsyn en Pensioene, dien nou as ondersekretaris van dieselfde Departement.

Mnr. A. C. du Toit is bevorder tot hoof van die Departement van Skeikunde aan die Kaapse Tegniese Kollege.

Mnr. P. A. Weber (B.A. 1925) is benoem tot mede-besturende direkteur van die Nasionale Pers, Beperk, met ingang van 1 Januarie 1960.

Mnr. Allan Saunders (B.Sc., B.Ing. 1957) is tans in diens van die Provinsiale Administrasie (Afdeling Paaie). Hy en sy gesin woon in Port Elizabeth.

Dr. J. K. Basson (M.Sc. 1947) wat tot aan die einde van verlede jaar senior lektor in die Kernfisika aan die Universiteit was, het 'n betrekking by die Atoomkragraad aanvaar as hoofnavorsingsbeampte in gesondheid, natuurkunde en radio-isotope.

Mej. Anna Smith (M.A. 1933), 'n dogter van wyle prof. J. J. Smith van Stellenbosch, is deur die Johannesburgse Stadsraad as hoofbibliotekaresse aangestel.

Mnr. C. R. Venter (B.Sc. 1924, M.Ed. 1940), inspekteur van skole op Swellendam, is bevorder tot hoofinspekteur van skole in Kaapland. Hy kom in die plek van wyle mnr. P. Rossouw.

Mnr. N. van Blerk (M.A. 1925), senior mederedakteur van die Groot Woordeboek op Stellenbosch, het in Desember 1959 na Engeland vertrek om behulpsaam te wees met die byvoegsel tot die grootste Engelse taalwoordeboek. Mnr. Van Blerk sal gedurende sy verblyf in Europa ook woordeboekkantore in Nederland. Noorweë, Denemarke, Duitsland, Griekeland en Swede besoek.

Mnr. P. J. Hugo (B.A. 1903), een van die stigters van die Wetenskaplike Vereniging van Stellenbosch en die tweede voorsitter van genoemde Vereniging, woon tans op De Aar en geniet in die hoë ouderdom van 82 jaar nog goeie gesondheid.

Mnr. W. S. Hugo (B.Sc. 1935) van Kraanvoëlkuil, De Aar is gekies tot voorsitter van die Dorpertelersvereniging. *Mnr. Jan Theron* (B.Sc. in Landbou 1930) van Douglas is sekretaris van die Vereniging. *Mnre. J. W. Nel* (B.Sc. in Landbou 1945), lektor in die Fakulteit van Landbou van die Universiteit van Pretoria, *L. Steyl* (B.Sc. in Landbou 1952), voorligtingsbeampte op Somerset-Oos en *L. S. („Boepie") Erasmus* (B.Sc. in Landbou 1954) van die Grootfonteinse Landboukollege, is senior inspekteurs van die Vereniging. *Prof. Wouter Hugo* (D.Sc. in Landbou 1956), assistent-direkteur van landbou vir die Karoo-streek, en *mnre. S. W. Pienaar* (B.Sc. in Landbou 1938) en *C. R. („Pikkie") Baard* (B.Sc. in Landbou 1950) is almal aan die Grootfonteinse Landboukollege verbonde en lewer 'n groot bydrae tot die ontwikkeling en verbetering van die Dorperskaapras.

Die Universiteit het met diepe leedwese verneem van die heengaan van 'n aantal welbekende oud-Maties en betuig graag sy opregte en diepe meegevoel met die naasbestaandes. *Sy Eksellensie dr. E. G. Jansen* (D.Phil. (*h.c.*) 1959) is op 25 November 1959 oorlede. Daarmee het 'n man van buitengewone formaat uit die openbare lewe van ons land verdwyn. Met sy besondere gawes van hart en verstand het hy oor 'n tydperk van byna 'n halfeeu dienste van blywende betekenis aan sy Volk en Vaderland gelewer. *Mnr. J. N. de Wet* (B.A. 1893), oud-hoofregter van die Unie en 'n voormalige waarnemende goewerneur-generaal, is op 16 Maart 1960 aan sy woning in Pretoria oorlede. *Dr. Wouter de Vos Malan* (M.A. 1916) is op 14 Februarie in die ouderdom van 67 jaar in Rondebosch oorlede. Dr. Malan is in 1930 aan die Universiteit as hoogleraar in die Opvoedkunde aangestel en het in 1934 S.G.O. van Kaapland geword. In 1953 is hy aangestel as die Unie se ambassadeur in Italië. *Mnr. Philip Rossouw* (B.A. 1932), in lewe hoofinspekteur van skole, is op Oujaarsaand 1959 in 'n motorongeluk noodlottig beseer. Hy het in 1944 inspekteur van skole geword en is in 1958 bevorder tot hoofinspekteur van skole in Kaapland. *Dr. L. V. Rex* (M.A. 1930, D.Phil. 1937), leraar van die N.G. Gemeente Irene, is in Desember 1959 oorlede. Hy het gedurende sy studiejare 'n leidende rol in studente-aangeleenthede gespeel en was o.a. primarius van Dagbreek. *Mnr. H. H. Steyn* (B.A., LL.B. 1933), in lewe burgemeester van Oudtshoorn, is op 7 November 1959 in die ouderdom van 49 jaar oorlede. *Dr. Theo van Schaik* (B.Sc. in Landbou 1949), senior lektor in die Erflikheidsleer aan die Universiteit van Pretoria, is op 21 Oktober 1959 aan sy woning in Pretoria oorlede.

DIE „MATIELAND"-FONDS

TOT op 11 Julie 1959 het ons lesers £809 2s. 1d. tot die Fonds bygedra. Sedertdien is van die volgende persone bydraes ontvang wat ons hiermee met dank en waardering erken:

	£	s.	d.
Totaal (tot 11 Julie 1959)	809	2	1

Naam en Adres	*Bedrag* £	s.	d.
Anomiene Skenking	2	0	0
Ackermann, Mnr. W. D., Victoriastraat 9, Stellenbosch	1	0	0
Berends, Mnr. J. J., Rowanstraat 25, Stellenbosch	1	0	0
Bergh, Mev. J. M. C., Hartenbos, Mosselbaai	1	0	0
Botha, Mnr. en Mev. C. V., Posbus 59, Windhoek, S.W.A.	1	0	0
Brümmer, Mej. F. J., Zastronstraat 103a, Bloemfontein, O.V.S.		10	6
Conradie, Mnr. A. F., Hoof, Sekondêre Skool, Pofadder, K.P.	2	0	6
Conradie, Dr. D. G., Paul Rouxstraat 51, Bloemfontein	5	0	0
Conradie, Mej. J. S., Posbus 48, Pk. Pofadder	1	0	0
Cooper, Mnr. J. C., Landdros, Springbok	1	0	0
De Kock, Dr. W. P., Florida	2	0	0
De Villiers, Mnr. D. J., Signalberg, Posbus 1, Grunau, S.W.A.	1	0	0
De Villiers, Dr. Jan J., Departement Sosiologie en Maatskaplike Werk, Universiteit van Stellenbosch	2	0	0
Duthie, Dr. A. V., Belvidere House, Posbus 184, Knysna		10	0
Els, Mnr. J. F., Kollegelaan 26, Potchefstroom	1	1	0
Erasmus, Mnr. A., p/a Sanlam, Posbus 1, Sanlamhof, K.P.		10	6
Haigh, Mnr. H., p/a Departement van Bosbou, Posbus 119, King William's Town	2	0	0
Hayward, Mnr. J. P., Posbus 78, Mosselbaai	1	1	0
Heyns, Ds. L. J., Die Pastorie, Rosestraat 109, Riviera, Pretoria	1	0	6
Immelman, Mnr. A. P. J., Posbus 44, Wolseley, K.P.	2	2	0
Jansen van Vuuren, Mnr. T. A., Posbus 13, Kaapstad	2	2	0
Krige, Mnr. B. J., Privaatsak 180, Pretoria	1	0	6
Krüger, Dr. H. E. C., Nassau-Huis, Pleinstraat, Stellenbosch	1	1	0
Lazarus, Mnr. M. H., Bosmanstraat 9, Stellenbosch	2	0	0
Le Roux, Mnr. A. S. du P., Die Hoërskool Jan van Riebeeck, Kloofstraat 129, Kaapstad	1	1	0
Lotz, Mnr. E. de V., Helderbergstraat 10, Stellenbosch	2	0	0
Loubser, Ds. A. C., Die Pastorie, Verkeerdevlei, O.V.S.	1	0	6
Loubser, Mnr. J. J., Posbus 99, Cleveland, Tvl.	1	0	0
Malan, Mnr. D. N. F., Piet Retiefstraat, Clocolan, O.V.S.	1	1	0
Malherbe, Prof. I. de V., Jonkershoekweg 13, Stellenbosch	1	0	0
Maree, Mnr. P. J., Posbus 19, Ofcolaco, N.O.-Transvaal	1	10	0
McDonald, Ds. J. A. J., N.G. Pastorie, Kightleystraat, Brandford, O.V.S.	1	0	0
Meyer, Dr. F., Posbus 450, Pretoria	2	2	0
Mitchell, Mnr. en Mev. W. J., Dunstanweg 219, Queenswood, Pretoria	2	0	0
Naudé, Mnr. H. H., Nywerheidskool, Queenstown	1	1	6
Naude, Mnr. L. P., Elfdelaan 933, Wonderboom-Suid, Pretoria	1	0	6
Oosthuysen, Mnr. J. J., Hoërskool, Swellendam	1	0	0
Plüddemann, Mnr. U. R. R., Eerstelaan 2, Bellville, K.P.		10	6
Pretorius, Mnr. J. L., Federal Assembly, Salisbury, S.-Rhodesië	2	2	0
Redelinghuys, Mnr. P. J. D., Posbus 14, Lambertsbaai	1	0	0
Roos, Mnr. M. C., p/a K.W.V., Posbus 528, S.-Paarl	1	1	0
Rossouw, Mnr. H. A., Posbus 29, Nylstroom	1	1	0
Rothmann, Mej. A., „Kom Nader", Swellendam	1	0	6
Schoonwinkel, Mnr. M. J., p/a United-Bouvereniging, Posbus 538, Bloemfontein	1	1	0
Stadion, Mnr. A., Bosmanstraat 37, Stellenbosch	1	0	0
Steenkamp, Mev. C., Tierfontein, Carnarvon, K.P.	1	1	0
Steenkamp, Mnr. W. L., Hoër Nywerheidskool, George	1	0	0
Steyn, Mnr. en Mev. A. J., Hoër Tegniese Skool, Oudtshoorn	1	1	0
Steyn, Mnr. A. P. A., Posbus 99, Klerksdorp	1	1	0
Steyn, Prof. Douw G., Departement van Farmakologie, Universiteit van Pretoria, Pretoria	1	10	6
Steyn, Mnr. J. F., Protealaan 13, Bellville, K.P.	1	0	0
Strauss, Mnr. B. P. A., Hoërskool, Boshof	1	0	6
Strijdom, Mnr. H. G., Departement van Volkswelsyn, Posbus 627, Durban	1	0	0
Syfert, Mnr. J. G., p/a Dagbreek en Sondagnuus, Posbus 8161, Johannesburg	1	1	6
Theron, Mnr. J. A., Hoërskool, Bonnievale	1	0	6
Truter, Mnr. F. C., Hoërskool, Bonnievale	1	0	0
Uys, Mnr. D. C., Hoërskool Zastron, Posbus, 242, Zastron, O.V.S.	1	0	6
Van den Berg, Dr. M., Posbus 6905, Johannesburg	1	1	0
Van Zyl, Ds. W., Posbus 4, Albertinia, K.P.	1	0	6
Visser, Dr. L. L. J., Ned. Geref. Pastorie, Waterlooweg, Wynberg, K.P.	1	1	0
Wagener, Mnr. G. N., Posbus 55, Nelspruit, TVL.	1	0	6
Wessels, Mnr. F. J., Volkskas-Gebou, Markstraat 76, Johannesburg		10	0
Wessels, Mnr. M. J., Georgestraat 21a, Grahamstad	1	0	0
Totaal (tot 20 Maart 1960)	£888	13	7

L.W. Alle tjeks en posorders moet asseblief aan die *Matieland-fonds* betaalbaar gemaak word.

Staal

VIR

VOORUITGANG!



Staal is die slagaar van vooruitgang in elke nywerheidsland. In die Unie word meer as 70 persent van alle staal wat verbruik word, deur die Suid-Afrikaanse Yster en Staal Industriële Korporasie, Beperk — algemeen bekend as Yskor — voorsien.

Vier-en-twintig uur elke dag en sewe dae elke week word staal in Yskor se reuse-werke in Pretoria en op Vanderbijlpark vervaardig .... altesaam sowat 1,800,000 gietblokton per jaar. Grootskaalse uitbreidings wat tans aan die gang is, sal hierdie werke se totale produksievermoë weldra verhoog tot 2,350,000 gietblokton per jaar!

Meer staal beteken meer werk en meer arbeidskragte. Yskor het die dienste nodig van metallurgiese, chemiese, werktuigkundige, elektrotegniese en mynboukundige ingenieurs, terwyl gegradueerdes in wetenskappe, die lettere en handel in die onderneming se navorsings- en administratiewe departemente geplaas kan word.

Werknemers geniet die voordele van 'n pensioenskema, mediese bystand, 'n vakansiebonus, 'n huiseienaarskema, ontspannings- en ander welsynfasiliteite. Verdere studie word aangemoedig deur die verskaffing van omvattende onderwysgeriewe.

Het u al 'n loopbaan in die staalbedryf oorweeg? Indien wel, mag dit u loon om nadere besonderhede aan te vra by die Bestuurder, Departement Personeel.

SUID-AFRIKAANSE YSTER EN STAAL

INDUSTRIËLE KORPORASIE, BEPERK

POSBUS 450 **PRETORIA**



Elke Sigaret 'n Meesterstuk

Die tegniese vaardigheid van die ou meesters en hulle strewe na die beste, leef voort in die vervaardiging van Rembrandt VAN RIJN sigarette. 'n Volmaakte pakkie sigarette is die saamgestelde resultaat van talle klein verbeterings. In Rembrandt VAN RIJN is hierdie doel verwesenlik.

Dit is gemaak vir diegene wat liewer rook vir genot as bloot uit gewoonte . . . en vir wie prys sekondêr is. As u 'n kieskeurige roker is, weet ons dat u meer genot uit VAN RIJN sal kry Koop gerus nog vandag 'n pakkie VAN RIJN. Die wêreld se eerste lang sigaret met filtermondstuk . en die beste.

Rembrandt
VAN RIJN
FILTER DE LUXE

DIE WÊRELD SE EERSTE LANG SIGARET MET FILTERMONDSTUK

VRFA — 51 Q

Gedruk deur Nasionale Handelsdrukkery, Bpk. — Elsiesrivier